IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A 2.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-23

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 69

(Bladsye 3623 - 3704)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF HERVAT OP 23 APRIL 1986.

ANDRIES ALBERTUS BRUYNS, v.o.e.

HOF : Is al die beskuldigdes hier?

MNR. JACOBS : Sover ek weet. Ek verstaan daar gaan lateraan reëlings getref word dat beskuldigde nr. 20 moontlik die hof sal moet verlaat.

HOF : Ons sal daarmee handel wanneer dit voorkom.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS(vervolg) : Mnr. Bruyns, u het gister by die getuienis gekom waar u gegaan het na die raadslid Dhlamini se huis toe. U het getuig u het 'n groot menigte, ongeveer 'n duisend mense buitekant die huis saamgedrom gekry. -- Dit is korrek.

Terwyl u hulle so genader het, wat was die mense besig om te doen? -- Hulle was aggressief, luidrugtig, hulle het geskreeu, met gebalde vuiste in die lug gewys en hulle het die polisievoertuig gestorm en met klippe gegooi toe ons hulle genader het.

Was die voertuig getref gewees? -- Nee, op daardie stadium was hy nie getref gewees nie. Ons was nog 'n afstand van hulle af gewees.

Wat het u toe gedoen? -- Ons het weer eens met traangasrook, rubberpatrone en donshael op die skare gevuur.

Wat gebeur toe? -- Daar was steeds 'n aanval gewees van die Swartes ongeveer vyf minute wat dit 'n aanhoudende aanval op ons konvooi was waar ons deurentyd opgetree het, waarop die skare toe uiteen gespat het.

Kon u enige spesiale kleredrag of iets daar opmerk? -- Die AZAPO en UDF T-hempie was weer prominent gewees tussen die skare.

Op hierdie stadium wat u die mense genader het, kon u enige leierfigure daar identifiseer of nie? -- Dit is korrek


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ons kon 'n leierfiguur identifiseer in die vorm van 'n Swartman geklee in 'n UDF hempie met 'n asblikdeksel wat plus-minus tien treë voor die skare beweeg het. Hy het met handgebare in ons rigting beduie, kort-kort omgedraai na die groep en die groep gelei in die rigting van die polisievoertuie.

Toe die klomp nou uitmekaar gespat het daarso nadat u opgetree het, kon u vorder tot by die huis? -- Korrek. Ons kon toe vorder tot by die huis.

Wat het gebeur? -- By die huis het ons 'n voertuig aangetref voor die huis aan die pad se kant wat gebrand het. Ons het ook die lyk van mnr. Dhlamini op die grond aangetref. Dit was duidelik dat hy aan die brand gesteek was. Van sy klere was van sy liggaam afgebrand gewees en die lyk het basies gesmeul.

En die huis self? -- Die huis self was ook aan die brand gewees.

Wat het die groep toe daar gedoen? -- Terwyl ons by die woning was het die groep weer hergroepeer en ons weer aangeval terwyl ons by die woning was.

Waar het hulle hergroepeer? -- Dit is onbekend aan my waar hulle gehergroepeer het, maar waar ons hulle die eerste keer opgemerk het, was weer in die pad gewees plus-minus 100 meter vanaf die punt waar ons was.

En nadat hulle hergroepeer het, wat het hulle gedoen? -- Hulle het ons weer eens bestorm en met klippe gegooi, slagspreuke geskreeu en met gebalde vuiste in die lug.

En die leiersfiguur wat u voorheen van gepraat het, het u hom weer opgemerk? -- Hy was weer prominent voor die skare gewees op daardie stadium.

Wat gebeur toe? -- Ons het weer eens opgetree met traanrook, rubberpatrone en donshael.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

In hierdie twee aanvalle, kon u sien of enigiemand getref word? -- Van die skare, nee. Ek kon nie sien of daar enigiemand van die skare getref word nie. Ekself is deur 'n klip getref tydens die aanval.

Waar is u getref? -- Ek is op my linkerknie getref.

En het u 'n besering opgedoen daar? -- Dit is reg, 'n geringe besering.

Wat gebeur toe u nou weer op hulle gevuur het? -- Die skare was weer eens uiteen gedryf.

Wat het toe gebeur? -- Die ondersoekspan het op die toneel opgedaag, waarop ek met my voertuig weer voortgegaan het met patrollie.

Het van die ander mense agtergebly? -- Dit is korrek. Van die ander mense het agtergebly by die woning.

En waarheen het u toe beweeg? -- Ek het steeds voortgegaan met patrollies te Sharpeville

En in u patrollie, wat was u ondervinding omtrent die paaie gewees? -- Alle paaie was ontoeganklik gewees deur die versperrings soos reeds vroeër genoem. Sporadiese klipgooi en aanval op polisievoertuie het steeds voortgeduur.

En toe, wat gebeur toe? -- Ons het telkens op genoemde wyse en met genoemde vuurwapens die groepies skare uiteen gedryf en die aanvalle op die polisievoertuie afgeweer.

Het u op een of ander stadium toe uit die gebied beweeg? -- Ons het opdrag ontvang om van Sharpeville na Sebokeng te beweeg.

HOF: Wanneer was dit? -- Dit was om en by middernag gewees.

24h00? -- Om en by 24h00.

MNR. JACOBS : Het u toe vertrek na Sebokeng toe? -- Dit is korrek, ons het vertrek na Sebokeng toe.

En daar? -- Met ons aankoms te Sebokeng het ons dieselfde

/ omstandighede

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

omstandighede aangetref, wat ons aangetref het in Bophelong sowel as in Sharpeville. Alle paaie is ontoeganklik gemaak met padversperrings soos genoem.

Wat se versperrings het u hier aangetref? -- Motorbande in die paaie wat gebrand het, voertuie wat aan die brand gesteek was en wat in die pad omgekeer was en gebruik was as obstruksies, klippe, groot rotse, asblikke wat omgekeer is en in die pad gegooi is.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Weet u watter voertuie dit is wat daar in die strate gebrand is? Is dit 'n motoris wat voorgekeer is met die voertuig? -- Ek glo dit is van die mense wat beweeg het in die Swartwoongebied. Dit was wel privaat voertuie en nie polisievoertuie.

MNR. JACOBS : En het die voertuie vir u voorgekom as ou wrakke of lopende voertuie? -- Dit was lopende voertuie volgens die voorkoms.

Het u net daar gepatrolleer of het u na 'n spesifieke plek toe gegaan? -- Ons het gepatrolleer en met tye het ons opdragte gekry om na spesifieke plekke toe te beweeg waar 'n groepvorming was en waar plekke geplunder sou word.

In die proses wat u daar gepatrolleer het, was u op enige stadiums nog weer aangeval? -- Korrek. Die aanval op die polisievoertuie het deurentyd voorgekom en dit het deurentyd so gebly wat ons aangeval is deur groepies skares.

Die mense wat u aangeval het, kon u onder hulle enige spesifieke kleredrag opmerk? -- Weer eens was die UDF en AZAPO T-hempie prominent onder die skare gewees. Dan het ek ook vir die eerste keer Swartes gevind met COSAS T-hempies.

Het u ook, terwyl u daar gepatrolleer het, moes u deurgaan na Evaton toe? -- Dit is korrek. Ons het na Evaton ook beweeg. Evaton grens aan Sebokeng en in die patrollies het

/ons

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ons na Evaton toe ook beweeg.

Wat was u ondervinding in Evaton gewees?

HOF : In dieselfde proses terwyl u patrolleer? -- Dieselfde proses.

U het nie eers Sebokeng afgehandel en toe na Evaton toe gegaan nie? -- Nee, die twee woonbuurtes is langs mekaar. Jy ry van die een reg in die ander een in en as gevolg daarvan het ons beide terselfdertyd gedek.

MNR. JACOBS : Wat het u in Evaton gevind? -- Dieselfde padversperrings op dieselfde wyse, asblikdeksels, motorbande wat brand, voertuie wat brand en rotse en enige denkbare artikel wat 'n padversperring kon wees was in die paaie aangebring gewees.

Het u op 'n stadium die voertuie waarmee - was dit net u voertuig of was daar nog 'n ander voertuig wat saam met u beweeg het? -- Daar was nog 'n ander voertuig gewees wat voor my beweeg het. Ek het agter die betrokke voertuig beweeg.

Het daar iets gebeur daar in Evaton? -- In Evaton is ons sporadies aangeval deur groepies met klippe en op 'n spesifieke plek het ek opgemerk dat 'n Swartman ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Waar was dit gewees? -- Dit was in Adams Road, Evaton, met 'n brandende bottel, wat ek kon identifiseer positief as 'n petrolbom uit 'n groep skare gestorm het, hy het op die voertuig voor my wat bestuur was deur adjudant-offisier Coetzee afgestorm, hy het die petrolbom na die voertuig geslinger, waarop die petrolbom die voertuig agter teen die bak getref het.

Wat se voertuig was dit? -- Dit was 'n landrover gewees.

Agter by die kap? -- Agter teen die bakwerk by die agterdeur. Ek het uitgespring met my R1 en 'n skoot op die /man

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

man gevuur. Ek het hom getref en hy het geval, hy het opgespring en gestrompel in die rigting van die skare.

Kon jy die man weer kry daarna? -- Ons kon hom nie weer opspoor daarna nie.

Is hy verwyder deur die skare? -- Hy is verwyder deur die skare.

Toe die petrolbom die landrover getref het, het dit ontplof? -- Dit het ontplof, maar dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Dit het slegs verfwerk op die voertuig beskadig met die brand. Daar was slegs 'n swart kol gewees en hy het vanself uitgewoed.

Hierdie man wat die petrolbom gegooi het, was daar enigiets opmerklik of hoe was hy geklee? -- Hy was geklee in 'n wit hemp, die kleur van die broek kan ek nie onthou nie.

Daarvandaan af wat het toe gebeur? -- Ons het ons patrollies voortgesit op dieselfde wyse as reeds gemeld. Aanvalle het steeds voortgeduur op die voertuie. Gedurende die patrollies het ons by winkelsentrums verby beweeg wat gebrand het en winkelsentrums wat besig was om te brand.

HOF: Is dit nou in Evaton of in Sebokeng? -- Dit is nog steeds in Evaton.

MNR. JACOBS : U het gesê sporadiese aanvalle was op die polisie geloods. -- Dit is korrek.

Was hierdie aanvalle deur enkelinge of groepe gewees? -- Dit was groepe gewees.

As hulle die aanvalle op u geloods het, kon u die leiers daarso identifiseer of was dit sommer net 'n groepoptrede? -- Dit was 'n groepoptrede gewees in die meeste van die gevalle.

Later in Evaton, het u rook opgemerk? -- Dit is korrek. Dit was by 'n winkelsentrum gewees. Ons het na die ligging van die rook beweeg.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Is dit nog in Evaton? -- Dit is steeds in Evaton.

Kan u sê hoe laat dit ongeveer was? -- Die tyd was om en by 17h00 die middag.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het aangetref dat 'n winkel aan die brand gesteek is. Daar was 'n groep skare gewees van plus-minus drie- tot vierhonderd by die winkel gewees.

Wat het daar gebeur? -- Terwyl ons nader beweeg het na die skare toe, is ons weer eens aangeval met klippe. Die UDF T-hempies, COSAS en AZAPO was ook prominent by hierdie groep gewees.

Wat doen u nou toe hulle u aanval? -- Ons het die aanval afgeweer deur weer eens gebruik te maak van traanrook, rubberpatrone en donshael.

Was iemand op daardie stadium getref daar wat u kon sien? -- Nie wat ek kon sien nie. Die groep het uitmekaar gespat waar ek opgemerk het dat van die mense in die winkel instorm.

HOF : In die brandende winkel? -- In die brandende winkel.

MNR. JACOBS : En toe? -- Ek het my voertuig tot stilstand gebring by die winkel, waarop ek die winkel ingegaan het en Swartjeugdiges en vrouens binne-in die winkel gekry het waar hulle besig was om die winkel te plunder.

HOF : Is dit Swartjeugdige vrouens of was daar vrouens en Swartjeugdiges? -- Vrouens en Swartjeugdiges.

MNR. JACOBS : Het u toe van die mense daar gearresteer? -- Ek het van die mense gearresteer terwyl hulle besig was met die plundery.

Hoeveel? -- Ek kan nie die getal onthou nie.

Ongeveer? -- Ongeveer sewe tot agt.

En toe? -- Ek het met die gearresteerdes na die voertuig beweeg en hulle in die voertuig geplaas.

Het daar iets gebeur nadat u die mense gearresteer het

/... en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

en in die voertuig geplaas het? -- Ons is weer deur 'n groep jeugdiges wat van die rigting van die woonhuise op ons afgestorm het aangeval. In hierdie geval was ons aangeval weer eens met klippe. Van die Swartes was bewapen met ysterpype, stokke en knopkieries.

En toe? -- Ek was genoodsaak om op daardie punt op te tree met my R1 geweer en op die skare te vuur.

Wat gebeur toe? -- Ek het een man getref wat geval het wat weer deur die skare verwyder is, waarop die groep weer eens opgebreek het.

En die een wie u getref het sê u is weggeneem? -- Hy is weggeneem deur die skare.

En na dit, wat het geword van die persone wat u gearresteer het? -- Ek het hulle verwyder vanaf die toneel waarop hulle aangekla is te Sebokeng.

Waarheen het u hulle verwyder? -- Na Sebokeng aanklag-kantoor waar hulle aangehou is.

Na dit, het u weer toe voortgegaan met u patrolliewerk? -- Dit is korrek. Ons het weer eens voortgegaan met patrollie-werk in Sebokeng sowel as Evaton.

Is die patroon reg deur die dag so gevolg? -- Die patroon is reg deur die dag en reg deur die nag tot om en by 23h30 voortgesit.

HOF: Hierdie arres van die persone, het dit plaasgevind in Sebokeng? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Op 4 September 1984 het u toe ook weer patrollie-werk gedoen? -- Steeds patrolliewerk verrig.

In watter gebiede? -- Sebokeng en Evaton.

En was die aanvalle en die patroon van die vorige dag min of meer dieselfde, net dat dit in 'n mindere mate was? -- Dit is korrek.

/HOF

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF : Was dit in 'n mindere mate?

MNR. JACOBS : In 'n mindere mate. -- Korrek. Ek het onttrek op die aand van die 6de om en by 23h00.

Die 5de en die 6de, het u toe ook daar patrolliewerk gedoen? -- Dit is korrek.

En die voorvalle, het hulle ook minder geword totdat u onttrek is? -- Dit is korrek. Dit het in 'n mindere mate voortgeduur tot die betrokke aand wat ek onttrek het.

U het vir die Hof vertel dat u het mense as leiersfigure geïdentifiseer. Kan u net vir ons 'n bietjie meer uitbrei daarop. Hoe het dit gekom dat u hulle kan identifiseer? Wat was hulle optrede gewees? -- Hulle was meestal voor in die groepe gewees. Dit was duidelik dat hulle die aanvoerwerk gedoen het en die groepe in ons rigting laat beweeg het deur middel van handgebare en plek-plek was hulle die eerste lede wat klippe gegooi het na die polisievoertuie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Ek aanvaar dat as u gewapen is en daar 'n groep mense u in u voertuig en medepolisiebeamptes aanval en u verplig is om te skiet, moet u gewoonlik, volgens u opleiding, na die leier of leiers skiet om die groep uiteen te jaag? -- Dit is korrek.

Van die 3de tot die 6de het u self enige persoon met 'n UDF of AZAPO T-hemp geskiet of nie? -- Op hulle geskiet? Baie beslis.

Weet u of enige persoon wat een of ander van hierdie T-hempies gedra het gewond is of nie? -- Ek het hoofsaaklik donshael gebruik wat die effek het dat indien jy 'n persoon sou raakskiet hy nie sal neerval of iets in daardie lyn nie. Hy sal wel beseer word, maar hy sal nie ooglopend val op die grond nie.

Maar die donshael is iets wat versprei, nie waar nie? -- Die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Dit is korrek.

En dit sal die leiers en ook die gewone lede van die skare tref? -- Dit is korrek.

Wat ek wil weet is of u enige persoon wat daar was en deur u met skerp ammunisie geskiet was so 'n T-hempie gedra het of nie? -- Nee, met skerp ammunisie, nie. Ek het slegs op twee geleenthede met skerp ammunisie gevuur en dit was tydens die petrolbomaanval en dit was te die brandende gebou in Adams Road waar ek van die persone gearresteer het nadat 'n winkel aan die brand gesteek is en ek het spesifiek op 'n persoon gevuur wat my lewe onmiddellik in gevaar gestel het.

Het een of ander van die twee persone een van die hempies wat u beskryf het gedra? -- Die twee persone waarteen ek skerp ammunisie gebruik het, nee.

En wat van die persoon wat u gevra was om te ondersoek gedurende die aand van die 2de, het hy 'n T-hempie aangehad?

HOF : Dit is die geval van die man wat met die rubberkoeël geskiet was? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Het hy 'n T-hempie gedra? -- Ek kan nie spesifiek onthou of die man 'n T -hempie aangehad het nie.

Wel, kan u nie vir ons sê of hy 'n UDF of 'n COSAS of 'n AZAPO T-hempie aangehad het of nie? -- Hy het nie 'n UDF T-hempie aangehad nie.

Wat was die kleur van sy hemp, as hy een gedra het? -- Ek dink die kleur van die hemp was wit gewees.

Dit was 'n persoon wat u wel ondersoek het? -- Dit is korrek.

En u moes seker sy hemp hanteer het om hom deeglik te kon ondersoek? -- Die hemp was reeds oopgemaak gewees. Sy borskas was in elk geval oop gewees. Ek het dit nie self gedoen nie. Dit was reeds gedoen gewees toe ek op die toneel

/gekom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gekom het.

En u kan goed onthou dat dit 'n wit hemp was? -- Ek onthou dat dit 'n wit hemp was.

Net so goed soos wat u onthou dat party van die leiers by elke plek waar u aangeval was 'n UDF of 'n AZAPO T-hemp gedra het? -- Dit is korrek.

U sien, ons het 'n beëdigde verklaring van ene Gert Stephanus Swanepoel in die nadoodse ondersoek van Thaba Ruben Twala wat op 12 September 1984 gesweer is om korrek te wees, waarin mnr. Swanepoel die landdros verwittig het dat die persoon 'n rooi hemp aangehad het? -- Ek kan nie onthou nie.

HOF : Ja, maar weet ons nou dat hierdie mnr. Twala dieselfde persoon is?

MNR. BIZOS: Ja, dit is.

HOF : Wel, dit is wat u stel.

MNR. BIZOS : Ja, ek stel dit, dit is dieselfde persoon.

Hy sê ook in sy verklaring dat sersant Bruyns van die reaksie-eenheid wat daar opgedaag het het 'n Swartman ondersoek en ons meegedeel dat die Swartman reeds oorlede was. Dit het net een keer gebeur? -- Dit is korrek.

Ek wil u vra wanneer het u die verklaring wat My Geleerde Vriend gebruik het om u getuienis te lei gemaak? -- My verklaring is verlede week en Maandag geneem.

Verlede week? -- Dit is korrek.

Deur wie?-- Kaptein Heystek.

Waar? -- Hier by die ligging van die Landdroskantore te Delmas.

Het kaptein Heystek enige vorige verklaring van u gehad? -- Nee, hy het geen vorige verklarings gehad nie.

Het u ooit voorheen enige verklaring gemaak voor verlede week, enige skriftelike verklaring? -- Ek het geen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

skriftelike verklaring gemaak nie.

Deur wie is u na Delmas ontbied? -- Deur kaptein Heystek.

En het u geweet dat die twee-en-twintig beskuldigdes aangekla was en dat dit vir daardie rede was dat 'n verklaring nodig was? -- Dit is korrek.

Het u geweet toe u daardie verklaring gemaak het dat ten minste drie van die leiers van UDF beskuldigdes was? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Het u geweet dat enige of een van die geskilpunte in die saak die rol van die UDF - wat die rol van die UDF was gedurende die onluste te Vaal Driehoek? -- Nee.

Het u geweet waaroor die saak gaan? -- Dit is korrek.

Wat het u geweet daarvan? -- Ek het geweet dat die saak verband hou met terreurdade gepleeg gedurende die onluste in September 1984.

Het u nie voorheen gedink wat die oorsaak van die onluste in die gebied was of nie? -- Ek het baie gedink oor die oorsaak van die onluste, maar dit was my persoonlike opinie en mening gewees wat ook moontlik nie in verband gebring kan word met die onluste nie.

Lees u die koerante? -- Baie beslis, ja.

Luister u na die radio? -- Ja.

Wil u sê dat u het nooit gehoor of gelees dat lede van die UDF of leiers van die UDF in die saak betrokke was nie? -- Ek het bitter min berigte in elk geval gelees van die Delmas verhoor.

U sien, ek wil dit aan u stel dat die getuienis van u en die woorde wat u vir die heel eerste keer vandag gebruik het, dat die draers van UDF T-hemde prominent was, is getuienis wat gegee is om teen die beskuldigdes gebruik te word? -- Baie beslis. Volgens my eie oortuiging en opvoeding getuig

ek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ek oor wat ek gesien het. Geen persoon hoegenaamd kan vir my voorsê wat om te getuig nie.

U sê daar was ook AZAPO T-hemde? -- Dit is korrek.

Sal u vir ons asseblief sê hoeveel AZAPO T-hemde u gesien het gedurende die tydperk die 2de tot die 6de? -- Ek het nie getel nie. Ek was besig gewees met optredes. Dit was vir my onmoontlik om te tel.

Hoeveel min of meer? -- Ek kan nie min of meer sê hoeveel nie. Hulle was wel prominent gewees. In so 'n mate dat ek hulle positief kon identifiseer tussen die groepe. Ek het nie getel nie, ek het nie eers die groepe getel nie, ek het nie insidente getel nie, ek het glad niks getel tydens die onrus nie.

Hoeveel UDF T-hemde het u gesien gedurende dieselfde periode? -- Ek het ook nie getel nie.

Kan u vir ons sê? -- Ek kan nie sê nie. Ek het wel baie gesien.

Ons wil weet, wanneer het u vir die heel eerste keer 'n UDF hemp gesien op of na die 2de? -- Op die 2de het ek vir die eerste keer T-hempies opgemerk te Bophelong.

Gedurende die nag? -- Gedurende die nag.

Waar? -- Te Bophelong tydens die voorval waar ek aangeval is deur 'n man, geklee in 'n UDF hempie met 'n asblikdeksel waar hy 'n halwe baksteen na my voertuig geslinger het.

Dit was die eerste een?-- Dit was die eerste een.

Hoeveel ander mense het T-hemde aangehad? -- In die daaropvolgende aksies en optredes was hulle tussen elke groepie gewees.

Ek wil weet toe die persoon die voertuig van u aangeval het, hoeveel ander mense het T-hemde aangehad? -- Ek het spesifiek in die een geval die een man dopgehou wat my van

/voer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

voor gestorm het. Daar was wel ander ook, maar dit is die eerste T-hempie, soos die vraag aan my gestel was, wat ek opgemerk het.

Hoeveel mense was in die geselskap van die persoon wat 'n UDF T-hempie aangehad het? -- Dit was 'n groepie gewees, ek het ook nie getel hoe groot die groepie was nie, volgens my skatting in die omgewing van tussen vyftien en twintig. Hierdie man het van voor gestorm, terwyl die groepie nie in sy direkte omgewing was nie.

Ek wil aan u stel dat die Staat in hierdie saak het drie maande na die saak begin het geen getuienis teen die leiers van die UDF gehad nie en u het nou besluit om te kom sê dat die voorbokke of die leiers van die skare UDF T-hemde aangehad het?

MNR. JACOBS : Ek maak beswaar as dit die bewering is dat die Staat vir getuies nou voorgesê het wat hulle moet kom sê. Die Staat het getuies gekry, maar die Staat het nog nooit vir iemand gesê wat om te kom sê nie.

HOF : Is die bewering, mnr. Bizos, dat die Staat die man voorgesê het of is die bewering dat die getuie uit sy eie gedink het hy sal die Staat se saak maar 'n bietjie aanhelp en toe die UDF daarby ingesluit het?

MNR. BIZOS: Die tweede aspek.

HOF : Dit word beweer dat u poog om die Staat se saak te bevorder deur uit u eie die UDF storie uit te dink? -- Dit is 'n valse bewering. Ek getuig wat ek gesien het en ek dra nie kennis wat die Staat nodig het om hierdie saak basies in sy guns te beklink nie.

MNR. BIZOS : Gedurende die ses maande na die gebeurtenis het u en u offisiere geweet dat daar 'n debat was oor wat die oorsaak van die onluste was? -- Daar was baie bespiegelinge

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gewees. Elke man het sy eie mening gevorm ten opsigte van die ocrsaak en die ontstaan van die onluste.

U sien, ek wil aan u stel dat daar net 'n paar AZAPO T-hemde in die hele omgewing verkoop was voor 2 September 1984. Kan u enige kommentaar daarop lewer of nie? -- Ja, AZAPO T-hempies sien ek daagliks baie in die Swartwoongebiede. Ek beskik nie oor hulle verkoopsyfer of verkooppunte nie.

Sê u dat u baie AZAPO T-hemde gesien het voor 2 September? -- Voor 2 September was ek nie spesifiek gemoeid in Swartwoongebiede nie, maar in Blankewoongebiede.

Het u geen AZAPO T-hemp gesien voor 2 September nie? -- Ek het dit gesien.

Waar? -- By Swartmense wat die T-hempies sou gedra het.

Waar? -- In die Vaal Driehoek.

In die dorp? -- In die dorp.

Vanderbijlpark? -- Vanderbijlpark onder andere.

U was bewus van die T-hemde wat deur die verskillende mense gedra was. Het u enige van u offisiere genader en 'n verklaring hieroor gemaak voorheen vir enige doeleindes? -- Vir geen doeleindes het ek voorheen 'n verklaring afgelê nie.

Is u ooit gesê dat daar 'n kommissie aangestel is om te probeer vasstel wat die rede van die onluste was? -- Nee.

HOF : Is dit so? As u bedoel die Van der Walt Kommissie, die Kommissie is aangestel met die oog op die skoolbywoning en die onderwys. Dit was sy doel.

MNR. BIZOS : Primêr, maar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy het sy opdrag gaan uitbrei, maar die doel was die onderwys.

MNR. BIZOS : Maar het u enige kennis gedra van enige ondersoek? -- Dit is korrek, soos Sy Edele gemeld het ten opsigte van die skole.

/Net...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Net ten opsigte van die skole? -- Dit is korrek.

Hoeveel UDF T-hemde sou u sê u by Bophelong gesien het? -- Ek het dit nie getel nie. Ek kan nie 'n getal sê wat ek gesien het nie.

Stem u saam dat Bophelong 'n klein plek is? -- Hy is klein in vergelyking met Sebokeng.

Ek wil dit aan u stel omdat dit 'n klein gemeenskap is die persoon wat met die UDF te doene gehad het sal sê daar was net twee mense in die hele Bophelong wat UDF T-hemde gehad het voor die 2de. -- Ek het baie beslis meer as twee gesien.

Hoeveel meer? -- Ek kan nie sê hoeveel meer nie, maar baie beslis meer as twee.

Hoeveel meer as twee? -- Ek het dit nie getel nie, maar twee sou ek baie beslis getel het. Ek het baie beslis meer as twee gesien.

Dra u enige kennis van enige van die persone wat doodgeskiet is of ernstig gewond is wat 'n UDF of 'n AZAPO of 'n COSAS T-hemp gedra het? -- Ek het basies nie te doen gehad met die oorledenes nie. By my voertuig en met my optredes was ek by gewees. 'n Ander persoon se optrede en voorvalle was ek nie by gewees nie.

Sal u asseblief 'n AZAPO T-hemp beskryf? -- 'n AZAPO T-hemp is wit met die woord AZAPO in swart geskryf op die T-hemp.

Is dit al? -- Dit is al wat ek kan onthou,

En u het baie AZAPO T-hemde gesien?-- Redelik, ja.

Hoeveel het u gesien? -- Ek het nie getel nie.

Min of meer? -- Ek kan nie min of meer 'n getal gee nie. Ek weet nie die getal nie.

Twee, vyf, tien, twintig? -- Ek het nie getel nie. Dit is vir my onmoontlik om te sê hoeveel daar was.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Maar is u nie in staat om 'n eerlike skatting te probeer gee nie? -- 'n Skatting glo ek kan nie 'n 100% weergawe weergee indien jy nie getel het nie. Dit sal ook nie eerlik wees nie.

Was daar iets agter op die AZAPO T-hemp geskryf? -- Tydens die optrede het die man nie met sy rug na my gestaan nie, maar wel van voor. Ek het die T-hempies van voor geïdentifiseer.

Maar u het vir ons gesê u het die AZAPO T-hemp in Vanderbijlpark gesien waar mense nie geskiet was nie. Kan u nie onthou hoe die AZAPO T-hemp gelyk het toe u dit by Vanderbijlpark gesien het nie? -- Nee, dit het ek ook van voor gesien.

Was dit toevallig toe u die AZAPO T-hemde in Vanderbijlpark gesien het dat dit altyd van voor was en nie van agter nie? -- Dit is korrek. Ek het toevallig die persoon met die T-hempie van voor gesien.

Het u enige T-hempie gesien wat 'n kaart van Suider-Afrika op het of nie? -- Dit is korrek.

Wie se T-hemp is dit? -- COSAS T-hemp het hom op, die UDF T-hemp het hom ook op.

En wie nog? -- Dit is al wat ek gesien het.

Wat het die UDF T-hemp nog voor op? -- Die UDF T-hempie voor het die sirkel met die betrokke Afrika in ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Afrika? -- Suid-Afrika, waar 'n groep persone in 'n optog beweeg onder die vaandel van die UDF. Die T-hempie is geel met rooi en swart daarop geskryf.

En wat is daarop geskryf? -- "UDF Unites - Apartheid Divides".

En agter op? -- Daar is ook opgeskryf. Dit is omgekeerd van die kleure wat voor gebruik is in die T-hempie. Bo is dit, indien ek reg onthou, swart en onder is dit rooi, terwyl

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

dit weer rooi bo is en swart onder.

Is daar enigiets agter op geskryf? -- Ek kan nie presies die bewoording onthou wat agter op geskryf is nie. Daar is wel geskryf agter.

Wat is die kleur van die T-hemp? -- Die T-hemp is kenmerkend geel.

Het u ooit 'n wit UDF T-hemp gesien? -- Nee, nie waarvan ek kan onthou nie.

Het u nooit 'n wit UDF T-hemp gesien nie? -- Soos ek reeds gemeld het nie wat ek kan onthou nie.

Kan u onthou of daar enige - enigiets op die AZAPO T-hemp is behalwe die woord AZAPO? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Of enige ander kleur as swart en wit? -- Ek kan nie onthou nie.

En of die letters wat op die T-hemp geskryf is miskien 'n ander kleur as swart is? -- Nee, alles wat ek gesien het was in swart geskryf.

Kan u onthou of die volle naam van enige organisasie op die T-hemp geskryf is of nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Sal u saamstem dat dit eienaardig as u soveel van hulle gesien het dat u nie kan onthou nie? -- Nee, ek sal nie saamstem dat dit eienaardig is dat ek dit nie kan onthou nie.

Die persoon wat die rewolwer gehad het en wat gearresteer is, het hy 'n UDF T-hemp aangehad? -- Nee.

Het enige van die persone wat gearresteer was en wat besig was om die winkel te plunder UDF of AZAPO of COSAS T-hemde aangehad het? -- Nee.

Kan u enige verduideliking gee van waarom ons u getuienis oor die T-hemde kan vergelyk met enige ander getuienis dat dit blyk dat die mense nie UDF T-hemde aangehad net nie? -- Kan u net weer die vraag stel, asseblief.

/ MNR. JACOBS

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. JACOBS : Ek weet nie of die getuie dit kan sê nie. Dit is argument wat My Geleerde Vriend aan hom stel nou.

MNR. BIZOS : Miskien kan die getuie 'n antwoord gee.

HOF : Maar die getuie moet darem eers die vraag verstaan voordat hy 'n antwoord kan gee.

MNR. BIZOS : Ons weet van mense wat deur u of beseer of gearresteer is en u sê vir ons dat nie een van hulle het of 'n UDF of 'n AZAPO of 'n COSAS T-hemp aangehad nie? -- Wat ek gearresteer het, wat ek beseer het, nee. Ek kan nie getuienis gee ten opsigte van ander voorvalle ten opsigte van ander instansies nie.

Wat ek aan u stel is, dat as u getuienis in verband met die leidende rol van mense met T-hemde korrek is, sou ons verwag het dat ons u storie met een of ander persoon sou kon vergelyk.

MNR. JACOBS : Ek het nog nie die getuienis al gekry nie, maar volgens my geheue was een van die manne met 'n asblikdeksel ook geklee in 'n T-hemp.

MNR. BIZOS : Is hy gearresteer?

MNR. JACOBS : Hy was 'n leier. Hy was gestel as 'n leier van die mense.

HOF : Mnr. Bizos sê kyk, jy sê nou wel so, die manne het die T-hemde aangehad, maar daar is nêrens waar ons dit kan onafhanklik kontroleer nie. Wat sê jy daarvan? Verstaan u die strekking van die vraag? -- Nie heeltemal so mooi nie.

Mnr. Bizos se bewering is u vertel hier van UDF T-hemde en van COSAS T-hemde, maar nie van die manne wat jy raakgeskiet het of een van die manne wat jy beseer het, het so 'n hemp aangehad nie. Met ander woorde, sê mnr. Bizos, nou kan ons glad nie kontroleer of wat jy vertel die waarheid is nie. Wat sê u van daardie stelling? -- Wat vir my kenmerkend was

/teen

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ten tye van die optrede was dat sodra die aanval aan die gang is, die UDF lede nie meer prominent voor is nie, maar wel deur die groep opgeneem is, maar voordat daar oorgegaan is tot aksie deur die polisie, die lede wel voor was.

Ek wil terugkom na waar ek my kruisondervraging begin het. Dra u kennis van enige leier of prominente persoon wat of doodgeskiet is of gewond is of gearresteer is wat van die UDF of AZAPO of COSAS T-hemde aangehad het? -- Weer eens kan ek slegs getuig van waar ek betrokke was en wat ek gesien het. en nie ten opsigte van enige ander arrestasie of besering of optredes nie.

Het u nie na die ondersoekspan gegaan en gesê "Kyk, in hierdie omgewing is daar 'n lang man of 'n kort man wat baie swart of amper wit is wat 'n AZAPO T-hemp aangehad het, probeer om hom te kry"? Is u op enige manier uitgevra in verband met die ondersoek van die saak? -- Nee, ek was geensins uitgevra in verband met die ondersoek van die saak nie.

Maar u het baie belangrike inligting gehad in verband met die prominente persone en al die optredes. Waarom het u nie na die ondersoekspan gegaan en gesê "Kyk, ek het baie belangrike inligting. Probeer om elke persoon wat in die woonbuurtes UDF of ander T-hemde het te kry, dan sal ons die leiers kry" nie? -- Van die 2de tot die 6de het ek pal gewerk sonder slaap. Alle berigte is per radio deurgegee. Dit is ook aan my deurgegee dat daar wel van die UDF, COSAS en AZAPO T-hemde prominent voorkom by elke groep en dit is so deurgegee aan my beheerstasie deur myself.

Deur u? -- Dit is korrek.

Word 'n rekord gehou van daardie berigte? -- Sover ek weet word rekord gehou van alle berigte en alle insidente slegs ten opsigte van polisie-optredes, aantal skares en nie 'n

/beskrywing...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

beskrywing van elke Swartman betrokke tydens die aanval nie.

Wanneer het u tot die gevolgtrekking gekom dat die UDF en AZAPO en COSAS mense vinnig tussen die skare verdwyn? Wanneer het u daardie mening gevorm? -- Daardie mening het ek gevorm ten tye van die optrede waar ek sou aanlê met my vuurwapen en waar ek sou vuur en die groepe na vore storm, was dit vir my duidelik dat die UDF lede nie meer voor in die groepe is nie.

Waarom het u nie vroeër opgetree toe u gesien het dat dit die patroon was nie? -- Hoe bedoel u vroeër opgetree het?

Terwyl die UDF mense nog voor was? -- Ek sê weer eens ek het slegs opgetree met donshael en traanrook en rubberpatrone.

Maar wat van die persoon wat u beskryf het by Dhlamini se plek? Hy het nie volgens daardie patroon opgetree nie? -- Hy het opgetree volgens daardie patroon, hy was voor die groep gewees en daar was wel op die man geskiet met donshael.

Dra u kennis van die feit dat 'n aantal persone skuldig bevind is vir die moord op Dhlamini? -- Nee, ek dra nie kennis nie. Ek kan nie onthou nie.

Weet u of enigeen van hulle enigiets te doen gehad het met AZAPO of UDF? -- Nee, ek was nie betrokke in die ondersoek nie.

MNR. JACOBS : Ek maak beswaar teen die vraag, want die getuie sê hy weet nie of daar mense in daardie Dhlamini moord skuldig bevind is nie. Nou kom mnr. Bizos en stel dit asof hy dit gesê het. Hoe weet hy wie is die mense wat daar skuldig bevind is, wie is die mense wat daar aangekla is. Hoe kan hy antwoord ten opsigte van mense wat hy nie iets van weet nie.

HOF : Maar die getuie is besig om mnr. Bizos te antwoord.

Hy

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hy sê "Ek weet nie." As mnr. Bizos twee keer wil hoor dat die getuie nie weet nie, dan kan mnr. Bizos maar twee keer hoor dat die getuie nie weet nie.

MR BIZOS : With respect, it goes a little bit further than that. I am entitled to put it with respect as notice to the State, because I have understood that if one wants to argue anything, then you must give notice to the State to fill in the gaps if it wants to and that was the purpose of the question.

Weet u hoeveel mense gearresteer is in verband met die moord op mnr. Dhlamini? -- Nee.

Weet u hoeveel mense aangehou is in verband met die onluste? -- Nee.

Ek wil dit aan u stel dat daar bestaan nie 'n wit AZAPO T-hemp nie? -- Ek het 'n wit AZAPO T-hemp gesien met die woorde AZAPO daar op. Dit is wat ek gesien het.

Hulle is swart en geel?-- Nie wat ek gesien het nie.

Kan u onthou of daar enige beeld op die COSAS T-hemp is? -- Slegs die swart Suid-Afrika.

COSAS? -- Dit is korrek.

Is dit die kaart van Suid-Afrika?-- Dit is korrek.

Geen ander beeld daar op nie? -- Nie waarvan ek kan onthou nie.

En as ek aan u stel dat die COSAS T-hemp die beeld van 'n jong man en 'n jong vrou en 'n boek op die bors het, wat sal u daaroor sê? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Maar u het so baie van die T-hemde gesien? -- Dit is korrek.

Kan u onthou hoe groot die letters op die UDF T-hemp is "UDF Unites - Apartheid Divides"? Kan u onthou? -- Nee, ek kan nie onthou nie. Dit is wel duidelik leesbaar. Die

/groot te

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

grootte kan ek nie onthou nie, ek kan nie skat nie.

Van hoe ver af? -- In al die gevalle was dit redelik ver van my af en ek kon dit lees.

Van hoe ver af kan u die letters wat op die bors staan lees? -- Ek het nie gekyk van hoe ver af ek dit kan lees nie. Dit wat ek gesien het was wel leesbaar gewees.

Was dit 'n klipgooi-afstand? -- Dit was klipgooi-afstand en dit was partykeer selfs verder as klipgooi-afstand.

Kan u op 'n klipgooi-afstand die letters op die bors lees? -- Baie beslis, ja.

Gedurende die nag ook? -- Dit is korrek. Op die plekke waar ek aangeval is - my voertuig beskik oor ligte, Bophelong en Sharpeville waar ek tydens die nag opgetree het, beskik oor hoë mas beligting en brandende voorwerpe in die pad het dit basies baie goed aangehelp die beligting.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Geen vrae.

<u>ASSESSOR (MNR. KRÜGEL)</u> : Adjudant, die mense wat in die skare opgeneem word as daar gevuur word, weet u wat binne-in die skare met hulle gebeur? -- Nee.

Weet u of hulle val en of hulle sterf of wat ook al? Kan u dit sien? -- Nee, ek kan dit nie sien nie.

Weet u of hulle van klere verwissel? -- Ek kan dit ook nie sê nie.

Weet u hoeveel mense van ander plekke wat nie Bophelong inwoners is nie op die nag van 2 September 1984 daar was? -- Nee.

<u>ASSESSOR (MNR. JOUBERT)</u> : Adjudant, sover my kennis strek word lisensies vir vuurwapens uitgereik aan mense in die Vaal Driehoek nie? -- Daar is wel Swartes wat beskik oor vuurwapen-lisensies.

Waar dit aan hulle uitgereik word soos aan raadslede,

..../met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het ons gehoor hier in die hof. -- Dit is korrek, winkeleienaars ... (Mnr. Joubert kom tussenbei)

Weet u uit u ervaring of daar ten spyte hiervan vuurwapens in die hande van die inwoners van die Vaal Driehoek is op enige skaal? -- Dit is reg. As gevolg van huisbrake wat redelik is in die Vaal Driehoek, het dit onder my aandag gekom van vuurwapens wat wel gesteel word en met 'n verontrustende mate toeneem.

Is daar in u ervaring van 2 tot 6 September gebruik gemaak deur die groepe wat u teëgekom het, van vuurwapens? -- Nee, op my voertuig nie. Slegs die een lid het ek aangetref met 'n vuurwapen te Bophelong, maar hy het dit ook nie gebruik op my nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is Andries Johannes Vosser. Ek wil vra dat mnr. Fick oorneem met die ondervraging van hierdie getuie en die volgende getuies en dat ek verskoon kan word vir 'n rukkie van bywoning.

HOF : Seker.

MNR. FICK : U Edele, hierdie getuie getuig oor paragraaf 77(15). Dit is bladsy 359 en verder van die akte van beskuldiging.

ANDRIES JOHANNES VOSSER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Maraisburg? -- Dit is korrek.

Op 3 September 1984 was u deel van 'n groep polisiebeamptes wat diens gedoen het in die Vaal Driehoek? -- Dit is korrek.

Op daardie selfde dag, 3 September 1984 het u opdrag

/ontvang

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ontvang om die busroetes in Sharpeville te patrolleer? -- Dit is so.

U het om 06h00 daardie dag begin met u patrolliewerk? -- Dit is so.

<u>HOF</u>: Wanneer het u in die Vaal aangekom? -- Omtrent 04h00 die nag van die 3de.

Vanaf Maraisburg? -- Vanaf Maraisburg.

<u>MNR. FICK</u> : U was in Seeisostraat in Sharpeville? -- Dit is korrek.

Met wat se voertuig het u gery? -- Met 'n patrolliewa.

Wat het gebeur terwyl u patrollie gery het? -- Ek het opgemerk dat daar 'n samedromming van Swartmense naby die busterminus was. Omtrent so honderd tot driehonderd van hulle wat saamgedrom het regoor die busterminus in Seeisostraat.

Was hulle in die straat of langs die straat of oral? -- Hulle was oral rond gewees.

En het u enigiets by hierdie mense opgemerk? -- Die mense het saamgedrom en was gewapen gewees met klippe en stokke.

Was hulle rustig en stil? -- Hulle het geraas, maar ek kon nie mooi hoor wat hulle sê nie. Die voertuig se vensters was toe gewees. Ek kon nie en ek verstaan ook nie 'n Swarttaal nie. Ek weet nie wat hulle gesê het nie, maar daar was 'n geraas gewees.

Wat gebeur toe? -- Ek het stadig voort beweeg. Ek het van noord na suid beweeg na 'n bushalte toe. Toe ek regoor die bushalte kom was die patrolliewa skielik met klippe en bakstene bestook van alle kante af.

<u>HOF</u>: Was die pad skoon van versperrings? -- Die pad was op daardie stadium skoon. Ek kon gery het.

<u>MNR. FICK</u> : Het hierdie klipgooiery skielik van alle kante af plaasgevind of het dit eers van die een kant af gekom? --

/Dit...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Dit het onmiddellik begin van alle kante af. Dit was rustig stil gewees. Die mense het net geraas en ewe skielik was dit soos 'n haelstorm wat die patrolliewa getref het, van alle kante af, voor, agter, enige kant.

Wat maak u toe? -- Om stil te gehou het, kon ek nie. Ek het net my voet op die petrolpedaal gesit en probeer uitjaag.

En u voertuig, hoe is hy beskadig? -- Die voertuig is erg beskadig. Daar was geen heel ruit in die voertuig nie, tot die ruit wat agter die kajuit is, was stukkend gegooi deur 'n klip wat deur die venster gekom het waar ek gesit het. Hy het eers die venster gebreek, dit is 'n halwe baksteen. Hy is oor my skouer en die agterste ruit ook stukkend geslaan. Die voorste windskerm is van so 'n soort glas gemaak dat dit nie breek nie. Dit is al of daar gom tussenin is. Hy is vol sulke tuite getrek na die binnekant toe. Die klippe kon nie van deur die windskerm inkom nie, maar van die kante af, die vensters van die deure wat kan breek, is heeltemal stukkend en uit. Ons was vol glasstukke gewees.

U het toe onttrek? U kon nie verder met die voertuig ry nie? -- Ek kon nie verder met die voertuig ry nie. Ek het aan skok gely en so aan.

Was u beseer? -- Ek was gelukkig nie beseer nie.

U is eers die volgende dag, 4 September - het u weer patrolliediens verrig? -- Het ek weer patrolliediens verrig met 'n ander voertuig.

Was dit weer in Sharpeville?-- Ek was weer in Sharpeville gewees.

Wat het u daar gevind? Wat was die toestand van die paaie? Was die paaie oop gewees? -- Die paaie was almal versper gewees met asblikke, bande, wrakke van perdewaens,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ou stukke motorkarre, alles wat 'n mens aan kan dink, klippe en asdromme was die paaie mee versper gewees.

Het u enige persone langs die paaie of in die paaie opgemerk? -- Daar was langs die paaie klompe mense op verskillende plekke wat saamgedrom het.

Wat was hulle reaksie gewees as hulle u gesien het? -- Hulle het geskreeu en die arm in die lug in, die Swartmagteken gegee.

Behalwe dit, het hulle enigiets anders gedoen? -- Ek het gemerk dat daar van die geboue wat die vorige dag nog reg was afgebrand was. Een wat ek kan onthou het geskreeu ons is honde, ons moet teruggaan huis toe. Die slagspreuke het hulle geskreeu, maar ek verstaan dit nie. Jy kon aan die uitdrukking sien dit is slagspreuke wat hulle skreeu vir ons. Ek weet nie wat dit alles beteken nie.

Was daar op daardie dag enige aanvalle? -- Sporadies, maar nie so ernstig nie. Kort-kort beweeg ons van een punt na 'n ander punt toe waar daar huise aan die brand gesteek is of wat nog smeul en so aan, waar die mense weer saamdrom.

Waaruit het hierdie aanvalle bestaan? -- Dit was meeste met klippe gegooi.

En hierdie persone wat u aangeval het, was dit enkelinge of was dit groepe? -- Dit was groepe gewees. Dit was nie enkelinge nie.

Die groepe, was hulle almal groot groepe of klein groepies? -- Party was groot. Ek sal sê hulle was nie meer as vyftig persone in 'n groep gewees nie. Dit kon baie meer gewees het. Dit hang net af.

Op die 5de het u onttrek uit die Vaal Driehoek? -- Vroeg die volgende oggend het ek onttrek om die voertuig terug te vat.

/ KRUISONDERVRAGING

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Vosser, hoe laat het u op die oggend van die 3de begin Sharpeville patrolleer? -- Dit was 06h00.

Hoe laat het u daarvandaan onttrek? -- Omtrent hier by 09h00.

En het u met Seeisostraat gery?-- Dit is so.

Tot die mense klippe begin gooi het, het ek u getuienis goed verstaan, dat daar geen versperrings op die pad was nie? -- Die een waarin ek gery het,was nie.

Is dit Seeisostraat? -- Dit is Seeisostraat.

HOF : Is u eers om 09h00 met klippe gegooi? -- Nee, net na 06h00, maar ek het om 09h00 onttrek.

Het u om 09h00 onttrek, na 06h00 is u met klippe gegooi, maar u het aangegaan met patrolliewerk? -- Ek was by die Administrasiekantore gewees met my voertuig.

Ja, maar laat ons nou duidelikheid kry. Hoe laat is u met klippe gegooi? -- Dit was net na 06h00 gewees.

Toe het u ... -- Teruggekeer na die Administrasiekantore.

Gejaag na die Administrasiekantore? -- Dit is reg.

Waar u gebly het? -- Ek het daar gebly tot 09h00.

Is u daar verpleeg? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Hoe ver het u in Seeisostraat ingery voor u met klippe gegooi was? -- Ongeveer van die Administrasiekantoor af sou ek sê 2 kilo's.

Toe u begin het, was daar geen versperrings in die pad nie?-- Nie in Seeisostraat wat ek gesien het nie. Dit is so.

Of enige ander straat? -- Ek het nie so opgelet op daardie oomblik nie.

In elk geval, u kon beweeg?-- Ek kon beweeg het.

Sonder enige moeite op die pad? -- In Seeisostraat.

Tot waar in Seeisostraat? -- Tot by die busroete.

/ JJ

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

U het vir ons gesê dat u met baie klippe gegooi is. -- Ek het die voertuig toe ek teruggekeer het na Maraisburg - nou praat ek nie van die ruite en goed wat stukkend gegooi is nie - ons het getel, daar was vier-en-vyftig merke op daardie voertuig.

Ja, dit was 'n geweldige aanval op die voertuig? -- Dit was geweldig.

Hoe laat was u so aangeval? -- Dit was net na 06h00. Ek maak dit so 06h15, 06h20.

Stem u saam dat die klippe moes heel waarskynlik op die pad geland het en die klippe moes daarna tot 'n sekere mate as 'n versperring op die pad gewees het? -- 'n Mens kon seker bo-oor hulle gery het.

Het u bo-oor hulle gery? -- Ek het bo-oor hulle gery toe ek weggery het.

Maar daar was geen ander versperrings daar nie? -- Nie op daardie oomblik nie.

Of op enige van die ander strate wat u gesien het. Het u persoonlik besluit om weg te gaan van Seeisostraat? -- Ek het opdrag gekry.

Van die kolonel? -- Van die kolonel.

As u daar in Seeisostraat gery het, kon u links en regs die sypaadjies sien? -- Ek kon dit gesien het. Voor die klipgooiery, nie daarna nie.

En het u opgemerk of enige van die sypaadjies versper was op enige manier? -- Sover ek kan onthou is daar nie baie paaie wat uitdraai uit Seeisostraat nie, die rukkie wat ek gery het.

Ja, maar dit wat u opgemerk? -- Ek sou dit seker opgemerk het, maar nie wat ek kan onthou nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

./ ASSESSOR

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Adjudant, toe u onttrek het, hoe het u onttrek? -- Ek het na Vereeniging gegaan. Hulle het vir my ander vervoer gegee, want die voertuig het daar bly staan by die Administrasiekantore.

Hoe het u daar gekom van die Administrasiekantore af? -- Ek het met die voertuig gery nog tot by die Administrasiekantore.

Langs watter paaie? -- Dieselfde pad, want ek het net deurgery. Ek het my rapport gemaak omtrent vyf minute na die klipgooiery aan kolonel Viljoen. Toe het ek onmiddellik met die voertuig teruggekeer na die Administrasiekantore en daar gewag. Ek kon nog deur die windskerm gesien het en die voertuig kon nog beweeg het.

U verstaan nou nie mooi nie. Het u daar gewag by die Administrasiekantore tot 09h00? -- Dit is reg.

U het toe onttrek? -- Ja.

En u het toe gery langs dieselfde pad ... -- Nee, nee, nie weer nie, nie die busroete se pad nie. 'n Ander pad. Hy gaan ander kant om. Dit is waar jy inkom by Sharpeville waar die Administrasiekantore is. Die bushalte is verder aan binne-in Sharpeville.

U was toe nie weer binne-in Sharpeville nie? -- Nee, ek was nie weer binne-in nie.

U kan nie sê wat die toestand van die paaie was nie? -- Nee, ek kan nie sê nie

HOF : So, basies al wat u gery het in Sharpeville was van die Administrasiekantoor tot die busterminus? -- Dit is reg.

Waar u aangeval is en dan daardie stukke terug? -- Dit is al wat ek gery het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : U sê drie minute nadat u aan die kolonel gerapporteer het, was u weer by die Administrasiekantore?

... / Nee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Nee, ek het gesê na ek gegooi is, was dit vyf minute voordat ek gerapporteer het en daarna het ek teruggekeer.

Hoe laat was u by die Administrasiekantore? -- 06h45. Min of meer so.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die Staat roep kaptein Daniël Cornelius Keyter.

DANIËL CORNELIUS KEYTER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n kaptein in die polisie gestasioneer te Krugersdorp? -- Dit is korrek.

U het op 3 September 1984 ongeveer 04h00 aangemeld in die Vaal Driehoek by Sebokeng? -- Dit is korrek.

U het vanaf ongeveer 06h00 die oggend die roetes van die busse gepatrolleer in Sebokeng? -- Dit is korrek.

Die pad waarin u was is bekend as die P88. Dit is die hoofpad? -- Die hoofpad.

'n Teerpad? -- Dit is korrek.

U was ongeveer 07h00 naby die terminus? -- Dit is korrek.

Wat het u opgemerk? -- Ek het opgemerk hoe Swartjeugdiges van beide geslagte versperrings in die pad begin pak, in die hoofpad.

Eerstens, waar het hierdie jeugdiges vandaan gekom? -- Die jeugdiges het vanaf die huise aan beide kante van die straat gekom. Ek het in 'n oopveld gestaan en hulle het vanaf die naburige huise te voorskyn gekom.

HOF : As u nou praat van Swartjeugdiges, is dit een of twee of was dit 'n groep? -- Dit was 'n groep, ongeveer so vyftig na sewentig toe.

En het hulle die versperrings aangedra? -- Hulle het dit aangedra vanaf die kant van die paaie.

MNR. FICK : Wat het hulle daar aangedra vir die versper-

rings

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

rings? -- Dit was groot klippe en asdromme.

Is daar net een versperring gepak of 'n paar versperrings? -- Ongeveer so tweehonderd meter aan my linkerkant amper voor die terminus waar die busse gestop het en ook aan ons regterkant waar 'n motorhawe was, ook so ongeveer tweehonderd meter van ons af weg.

Hierdie versperrings, is hulle oor die hele breedte van die pad gepak of net 'n deel van die rylaan? -- Oor die hele kant. Met ander woorde, hulle is so gepak dat die voertuie nie met daardie pad kon beweeg het nie.

Wat gebeur toe? -- Terwyl ons daar gewag het, ewe skielik en opmerklik 08h00 die oggend het klippe en voorwerpe van alle rigtings op ons neergedaal.

HOF : Het u stil gestaan op daardie stadium? -- Ons was stilstaande.

Was u tussen huise of was u in die oop veld? -- Ons was op 'n oop veld langs die huise. Op ons linkerkant was die huise en aan ons voorkant.

Van waar het die aanval gekom? -- Die aanval het gekom van ons oorkant af en van ons linkerkant af, deur hierdie jeugdiges wat die klippe gepak het, asook persone wat vanaf die huise uit die huise uitgekom het.

K217 U sê dit het skielik gekom. Het u iets gedoen om die aanval uit te lok? -- Glad nie.

Het u enige oorsaak gegee waarom u aangeval is? -- Ons het geen oorsaak gegee nie. Ons het net daar gestaan en gesien dat die busse vrylik kon beweeg.

MNR. FICK : U sê verder dit was presies 08h00?-- Presies 08h00 asof dit so beplan was, maar 08h00 presies het dit gebeur.

En u sê hierdie aanval het gekom vanaf die kant van die

/huise

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

huise - kan u net dit beter beskryf? Het die mense fisies uit die huise uitgekom of het hulle tussen die huise uitgekom? -- Hulle het fisies uit die huise uitgekom. Die deure van hierdie huise het almal na ons toe gekyk. Hulle was almal aangrensend tot die pad. Die mense het uit hulle huise uitgekom en die wie reeds in die pad was van hulle af.

Die wie uit die huise gekom het, het hulle enigiets by hulle gehad of het hulle met leë hande uit die huise gekom? -- Hulle het met leë hande uit die huise uitgekom en kort net daarna is van asdromdeksels gebruik gemaak. Die mense van die huise het die asdromdeksels as skilde gebruik om ons aanval op hulle met rubberkoeëls en gas af te weer.

HOF : Het hulle hulle asblikdeksels saamgebring? -- Op daardie tydstip toe ons aangeval is, het ek dadelik 'n bevel gegee dat ons gas en rubberkoeëls moet gebruik om die aanval af te weer en toe is dit gemerk dat hierdie mense met die asdromdeksels die rubberkoeëls soos dit na hulle gevuur word, afweer. So, ek het nie opgemerk, kan ek dit so stel, of hulle dit buite gekry het of van binne af saamgebring het nie.

MNR. FICK : U skiet nou met die rubberkoeëls en gas en die mense het die asblikdeksels, wat gebeur toe? -- Die busse is ook raakgegooi. Die mense wie daar in die busse gewag het vir die busse om te vertrek is uit die busse uit deur die vensters en deur die ingang. Groot chaos het daar geheers deur die mense van die busse af.

HOF : Was die busse toevallig raakgegooi of was daar ook 'n aanval op die busse? -- Daar was 'n aanval op die busse spesifiek gewees.

MNR. FICK : Eerstens, hoeveel busse was daar gewees? -- Daar was so ongeveer drie wat gewag het om vanaf die terminus te vertrek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

En was hulle reeds gelaai met passasiers? -- Dit is korrek.

En u sê toe die busse gegooi is met klippe het die mense uitgepeul by die vensters en deure en orals? -- Dit is korrek.

Wat gebeur toe? -- Ek het baie traanrook laat afvuur tussen die huise vanwaar ons aanvallers gekom het asook daar in die rigting van die busse.

Laat ons dit net duidelik kry. Die mense wat u so aangeval het, kan u 'n skatting gee van ongeveer hoeveel mense was dit wat u so aangeval het? -- So vyftig na sewentig, maar dit was verskillende groepe van beide kante van ons en die indiwiduele groepe vanaf die huise.

HOF : Was die totale aanvallers vyftig na sewentig of was daar groepe van vyftig na sewentig wat aangeval het? -- Aan ons linkerkant by die terminus was groepe van vyftig na sewentig, 'n groep wat van die huise aan die linkerkant gekom het en so saamgekom het en op ons regterkant was daar 'n groep van nagenoeg dertig na veertig, waar die motorhawe geleë was.

U sê u het traangas gevuur en wat gebeur toe? -- Toe is die situasie daar onder beheer gebring. Die mense het in hulle huise ingehardloop en hierdie groepe is ook in die huise in.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

DANIëL CORNELIUS KEYTER, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ons het laas gestop by u getuienis waar u sê u het die situasie onder beheer gekry en die mense wat klippe gegooi het, het tussen die huise ingehardloop. Wat het toe gebeur? -- Ek het opgemerk aan die agterkant van die huise aan my voorkant rook die lug in borrel. Ons is in die rigting waarvandaan die rook gekom het.

Kan ons net duidelikheid kry, toe u nou weg is na daardie

plek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

plek waar u die rook gesien het, die busse wat daar was, die drie busse, het hulle daar gebly of is hulle ook weg? -- Nee, hulle is weg van daardie toneel af.

Met of sonder die passasiers? -- Sonder die passasiers.

U gaan nou na hierdie rookkolom toe en wat vind u toe u daar kom? -- Op pad soontoe het ek opgemerk dat die pad ook - dit is 'n grondpad waarop ons nou beweeg het - versper was met dromme en klippe en takke. Ons het by die rook uitgekom en ek het opgemerk dat dit 'n wit bakkie was wat langs 'n biersaal gestaan het wat aan die brand was.

Kon u sien of dit 'n privaat voertuig is of 'n amptelike voertuig van een of ander besigheid? -- Ek kon nie opmerk nie. Dit was 'n wit bakkie met 'n normale Transvaalse computer nommerplaat, maar hy het op die perseel van die biersaal wat omhein was gestaan.

Toe u nou daar aankom by hierdie brandende bakkie, was daar enige mense daar? -- In die onmiddellike omgewing nie, maar wel by die wonings in die omtrek van die biersaal wat nou 'n redelike distansie van ons af was.

U het toe uitgeklim en om die biersaal geloop? -- Dit is reg.

Wat sien u toe? -- Voor my in die pad het ek 'n groot groep Swartes opgemerk.

HOF : Dit is in 'n ander pad? -- Dit is nou om die biersaal. Ons het met die pad gery. Die biersaal is so geleë en daar is so 'n groot veld of opening om die biersaal en hierdie pad het ek gesien lei na die biersaal toe. Met ander woorde, hulle was direk op pad na die biersaal toe.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Het u uitgeklim, sê u? -- Ek het uitgeklim uit my voertuig.

MNR. FICK : Weet u in watter gebied u was daar in Sebokeng?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Dit was in Gebied 12.

Hierdie groot groep wat nou aankom na die biersaal, kan u vir die Hof 'n aanduiding gee hoe groot was hulle? -- Dit was ongeveer vyf- na sewehonderd Swartes.

Soos hulle aangekom het, het hulle vreedsaam aangekom, stil en rustig? -- My aandag was op hulle gevestig deur die gesingery en geskreeuery van die groep. Dit is hoe ek hulle eintlik opgemerk het. Hulle het met gebalde vuiste en al singend en skreeuend, soos ek dit gestel het, aangekom. Klippe is ook vanaf hulle in my rigting gegooi. Dit was opmerklik dat tussen die groep mense, soos ek hulle nou sien voor my, op die kante en voor 'n persoon met 'n geel T-hempie aan die mense aangevoer het. Dit was vir my 'n vreesbevange oomblik om dit te aanskou, want ek kon nie met my stem die mense keer of met hulle praat nie en omdat ek vir my lewe asook die lewe van die ander polisiemanne saam met my gevrees het, en nie geweet het wat hierdie mense in staat sou wees as hulle by ons uitkom om te doen nie, het ek ses skote donshael op hulle gevuur wat veroorsaak het dat hierdie persone uitmekaar uit spat en tussen die huise weghardloop.

U het aan die Hof aangedui dat u persone gesien het wat gekleed was in geel T-hemde. Kon u enigiets sien wat op die goed geskryf was of kon u nie sien nie of het u nie opgelet nie? -- Ek het dit opgemerk, maar nie gekyk wat spesifiek op die T-hempies geskryf staan nie. Ek het gesien daar is wel geskryf, maar ek kon nie opmerk wat nie.

Kan u vir die Hof aandui ongeveer hoeveel van hierdie mense met die T-hemde het u gesien of kan u glad nie aandui nie? -- Hulle was opmerklik. Daar was 'n hele paar. Ek kan nie sê hoeveel presies nie, maar daar was 'n hele paar. Hulle het uitgestaan uit die groep uit.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

U het met die donshael geskiet en die mense het tussen die huise in verdwyn, wat maak u toe? -- Ek klim weer in die voertuig en ry verder en op my linkerkant, waar die huise ophou waar 'n oop veld is, kom ek weer op 'n groep Swartes af.

HOF : Hoe laat was dit ongeveer? -- Dit was ongeveer net voor 09h00.

En die ander geval daar by die biersaal? -- Dit was so 08h30.

MNR. FICK : U kom nou weer op 'n groep af waar die huise ophou. Is dit nog steeds in gebied 12? -- Nog steeds in gebied 12.

Wat het daar gebeur? -- Ons het onmiddellik toe ons op die groep afkom wat aan my linkerkant van die voertuig was - hulle het ons onmiddellik met klippe bestook.

Hoe groot was hierdie groep? -- Hierdie groep was nagenoeg so honderd na tweehonderd.

Wat gebeur toe? -- My voertuig was raakgegooi, ernstig beskadig en ek is met 'n klip op my linker middelvinger wat op die raam van die venster was raakgegooi. Dit het 'n oop wond veroorsaak en my bestuurder se regterknie is ook raakgegooi wat genoodsaak het dat hy later 'n operasie aan sy knie moes ondergaan.

Die klippe wat die bestuurder getref het, het hulle deur 'n ruit gekom of deur 'n venster? -- Hulle het almal deur my linkervenster waar ek gesit het gekom.

Wat gebeur toe u met die klippe gegooi word? -- Ek ry toe weg van die groep af, omrede ek nou weer vir my lewe en die van die ander mense vrees en toe ek sien hoe ons voertuie beskadig word, met die doel om buite hulle bereik te kom. Buite die persone se bereik - hulle het almal weggehardloop - het ek weer daar gemobiliseer die manne en op pad na die polisiestasie toe vertrek. Dit is nou Sebokeng polisiestasie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Op pad soontoe het ek op 'n biersaal weer afgekom.

HOF : Dieselfde of 'n ander? -- 'n Ander, waar ek gesien het hoe Swartpersone met kaste bier vanuit die gebou hardloop. Daar was 'n gat in die gebou se muur gekap en hulle het vanuit hierdie gat, hierdie baksteenmuurgat uitgehardloop.

MNR. FICK : Hierdie biersaal, was hy ook in gebied 12 of was hy in 'n ander gebied? -- Dit was nog steeds in gebied 12.

HOF : Is daar dan twee biersale in gebied 12? -- Die eerste een wat ek by gekom het, was toe gewees en by die tweede een was dit 'n biersaal wat oopgebreek was. Mag ek net my stelling staaf. As ek nou praat van 'n biersaal, het ek opgemerk dit is persele eintlik so groot soos hierdie hofsaal waar daar baie kaste bier in gepak was en ek beskryf dit nou as 'n biersaal.

Dit kan 'n drinkplek wees of 'n voorraadplek van drank? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : U sê vir die Hof u merk daar kom persone uitgehardloop met kaste bier en wat gebeur toe? -- Toe ons stilhou by die biersaal waar die mense nou uitkom, sien ek toe ook dat die waterpype afgebreek is en die water die lug inspuit.

By die biersaal? -- By die biersaal, teen die biersaal. Die biersaal was tussen 'n groep huise en aan die ander kant van die huise - van die biersaal het 'n groep Swartes van vyftig na sewentig ons met klippe bestook.

Was dit toe u daar stilgehou het? -- Toe ek stilstaan.

Hierdie manne met die kaste bier, waar hardloop hulle heen? -- Hulle hardloop nou in die rigting van die mense wat ons met die klippe gooi.

HOF : Was dit manne? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Wat gebeur toe? -- Omdat ek reeds beseer was' en moontlik nog beserings te wagte gewees het en weer vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

my lewe gevrees het, het ek van skerp ammunisie gebruik laat maak.

Synde wat? -- 'n R1.

Is enige persone daar getref wat u van weet? -- Daar is persone daar getref.

Weet u hoeveel? -- Ek kan nie raai hoeveel nie, want van hulle wat geval het is deur die mense wat ons gegooi het weggesleep of gedra van die toneel af, maar die toneel is onmiddellik daar onder beheer gebring. Hulle het almal weggehardloop. Ek het die skade in die biersaal deur die gat - ek het binne-in geloop en opgemerk dat al hierdie bottels en kaste stukkend gegooi was op die vloer en binne was die krane gebreek en die water het gespuit. Pogings was aangewend om die plek aan die brand te steek met hope papiere, maar weens die water het dit toe nie geslaag nie.

U het toe nou weer uit die gebou gekom en wat gebeur daarna? -- Toe klim ek weer in my voertuig en ons was verder op pad na die polisiestasie toe. Op pad vanaf die eerste biersaal het ek opgemerk dat daar op verskeie plekke teen die lamppale plakkate aangebring was en dat die paaie elke nou en dan versper was met hierdie asdromme en karwrakke en goeters.

Hierdie plakkate, was dit gedrukte plakkate of handgemaakte plakkate? -- Dit was handgemaaktes, die wat ek opgemerk het omtrent die grootte wat 'n mens van die koerante sien wat hulle adverteer, die nuusblaaie op die straat se hoeke. Omtrent daardie grootte.

Het u die goed gelees, die plakkate? -- Ek het die geskrif op hulle opgemerk.

Kan u aandui wat het op die goed gestaan? "All councillors must resign. Away with high rents." As gevolg van

... /hierdie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

hierdie opskrifte en plakkate het ek toe so by myself gedink dat dit nou moontlik die rede vir ons probleme was wat ons daar teëgekom het.

Op die plakkaat, behalwe daardie bewoording wat u gesien het, is daar enige name van enige organisasie of persone genoem? -- Ek het dit nie opgemerk nie.

U het opgehou waar u op pad was na die polisiestasie vanaf hierdie tweede plek wat u die biersaal noem? -- Dit is reg.

Wat het gebeur? -- Ek het weer op my linkerkant opgemerk nog 'n rookwolk wat in die lug in borrel. Ons het in daardie rigting beweeg tot by die Administrasieraad se kantore.

HOF : In watter gebied was dit? -- Ook in Gebied 12.

En hoe laat was dit? -- Dit was ongeveer net so voor 10h00.

MNR. FICK : Gaan aan. -- Toe ons daar stilhou het dieselfde toneel hom afgespeel. Daar was wanorde en chaos. Dit het gebrand en langs die Administrasieraad se kantore was 'n winkel en daar het ook persone met eiendom vanaf die twee geboue uitgekom en gehardloop. Daar is ons ook met klippe en voorwerpe aangeval.

Deur ongeveer hoeveel mense? -- Nagenoeg so veertig na vyftig mense daar. Ek het daar ook van skerp ammunisie gebruik gemaak.

Is daar enige persone getref? -- Daar is ook persone getref by hierdie toneel.

Enige aanduiding hoeveel? -- Ek kan nie sê hoeveel nie.

Hierdie persone wat uitgehardloop het en goedere uit die plek verwyder het, in watter rigting het hulle gehardloop? Heeltemal weg of wat is die posisie? -- Langs die Administrasieraad se kantore is daar so 'n voetbruggie by 'n uitgedroogde rivier en dan is dit 'n veld en dan hardloop jy oor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die veld Sebokeng toe in die rigting van die polisiestasie, hospitaal, maar nog ver daarvandaan af. Dit is die rigting wat hulle in gehardloop het.

U is van daar na Sebokeng polisiestasie? -- Dit is korrek.

Wat was die toestand van die pad verder op pad na die polisiestasie? -- Ook versper met klippe en dromme en wrakke, asook gebreekte bottels wat op die pad stukkend gegooi was.

Hoe laat het u by die polisiestasie aangekom? -- Ek het ongeveer so 11h30 by die polisiestasie aangekom.

Het u enige plakkate op pad na die polisiestasie toe weer teëgekom of het u nie weer plakkate gesien nie? -- Ek het.

Was dit nou nadat u by hierdie laaste plek weg is waar die mense weggehardloop het? -- Dit is korrek.

Was dit dieselfde soort plakkate met dieselfde bewoording? -- Met dieselfde strekking as die wat ek die eerste keer opgemerk het.

Ook handgeskrewe? -- Dit is korrek.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Kaptein Keyter, het ek goed verstaan dat u by Sharpeville gekom het om 06h00 in die oggend? -- Dit is te Sebokeng.

Sebokeng, jammer. -- Ek het 04h00 al daar aangekom, maar ek het eers met my patrollies begin 06h00.

Waar was u vanaf 04h00 tot 06h00? -- By die polisiestasie.

Langs die Houtkop Administrasiekantore? -- Nee. Ek het by die manne gemobiliseer. Ek is 'n patrolliehondman. Ek was by De Deur en daarvanaf is ons Sebokeng toe en toe is ons opdragte aan ons uitgereik en ek is Sebokeng toe.

U het met 'n motor gery vanaf die polisiestasie na Sebokeng toe? -- Dit is reg.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

En was u besig om te patrolleer van 06h00 af? -- Ek het 06h00 begin patrolleer, maar nie deurlopend nie. Ek het op verskeie plekke stilgestaan.

In watter deel van Sebokeng se paaie het u van 06h00 af gery? -- Ek was net in gebied 12.

Ook op die teerpad langs gebied 12? -- Ek weet dit is die hoofpad, daardie P88 pad.

Ja, dit is 'n teerpad?-- Dit is 'n teerpad, waar die terminus is waar ek gestop het, toe die klippe begin het, waar ek gewag het.

U het vir Sy Edele gesê dat u het so 07h00 se kant naby die terminus Swartjeugdiges gesien besig om versperrings op die pad te sit? -- Dit is reg.

Voorheen was daar geen versperrings op die pad nie? -- Dit het ongeveer 07h00 begin.

Daar was niks op die paaie voorheen nie? -- Nie wat ek gesien het nie, alhoewel ek berigte oor die radio ontvang het en gehoor het. Ek het persoonlik niks gesien wat enige versperring kon veroorsaak nie.

Het u enige berig gekry hoe laat die eerste aanval in Sebokeng die oggend plaasgevind het? Nie noodwendig by die plek waar u was nie, maar in die algemeen? -- Ek skat nou maar tussen 06h00 en 07h00 was daar na die polisievoertuie gegooi gewees wat ek nou maar so oor die radio gehoor het.

Maar waar u was was niks buitengewoon tussen 06h00 en 07h00 nie? -- Niks buitengewoon nie, behalwe vir die mense wat gaan werk en wat indie busse geklim het.

Dit sou nie buitengewoon gewees het nie, dit is die gewone prentjie dat mense vroeg die oggend werk toe gaan? -- Dit is reg.

En daar was geen moeilikheid by die busterminus voor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

07h00 nie? -- Nie wat ek opgemerk het nie.

Die mense wat langs die terminus begin versperrings op die pad sit het, het dit geblyk dat dit mense was wat in die omgewing gewoon het wat besig was om dit te doen? -- Dit het vir my so voorgekom.

Was daar ouerige mense wat dit gedoen het? -- Alles jeugdiges, wat ek opgemerk het. Die groepe wat ek gesien het, het ek gesien dit is jeugdiges. Moontlik is daar tussen hulle oueriges, maar wat ek nie so opgemerk het nie.

HOF : Waarvan het u afgelei dat dit lyk asof die mense wat die versperrings aanbring in die omgewing woon? -- Vanweë die rigting waarvandaan hulle gekom het, van die huise af.

Het u hulle gesien uit die huise uit kom? -- Uit die huise uit. Hulle het in die erwe gestaan, die klomp. Soos ons nou daar gestaan en wag het, het jy gesien die mense gaan werk en die klomp het uitgekom daar, jeugdiges en in hulle erwe gestaan en vir ons gelag en dit is hoe ons nou opgemerk het en toe van 07h00 af het hulle na die terminus toe gekom.

MNR. BIZOS : Laat ek net probeer om dit te beskryf. Daar was 'n groep en het u miskien daarna gesien dat twee of drie jeugdiges uit 'n sekere huis kom en saam met die groter groep begin versperrings op die pad plaas? -- Wat opmerklik was, sou daar 'n polisievoertuig of iets verby hulle ry, dan hardloop hulle nou weg van die groep af. Dan hardloop hulle nou na die huise toe en staan daar en wag en dan kom hulle nou maar weer terug na die groep.

Het jong mense van die huise af by die oorspronklike groep aangesluit? -- Hulle het almal weer op dieselfde plek bymekaar gekom waar die terminus begin en die huise eindig. Daar het hulle almal weer bymekaar gekom.

HOF : U was daar van hoe laat af by die terminus? -- Ek het

/ 06h00

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

06h00 - kan ek net 'n bietjie meer in detail ingaan - toe ons daar begin het ons eers van die poskantoor af wat op die hoek geleë is na die terminus toe waar ek gewys is waar die terminus is en dan het ek nou verder met die pad afgery. Ek was grotendeels in hierdie hoofpad waar die hoofroete is van die busse, vanaf 06h00 tot ek ongeveer van sê 06h45, 06h40 het ek nou daar gestop en gewag.

In die tyd vanaf 06h00 was daar jeugdiges daar in die erwe? -- By die wonings, in die erwe van die wonings.

Kan u enige verklaring gee waarom hulle tot 07h00 niks gedoen het en geen padversperrings opgerig het en om 07h00 begin het nie? -- Ek kan geen aanduiding gee nie, maar dit is hoe dit gebeur het. Hoekom dit was, weet ek nie, maar dit was vir my ook baie opmerklik dat nou ewe skielik begin hierdie mense - om in alle eerlikheid te sê, ek het nie geweet wat ons gaan verwag nie. Ek het net geweet ons moet soontoe gaan en die roete van die busse patrolleer, sodat die mense ... (Hof kom tussenbei)

Net nog een vraag, is daar een of twee wat begin padversperrings oprig het en die ander maar so drupsgewyse gevolg het of het die mense in 'n groep begin padversperrings oprig? -- Die groep. Hy het begin groter word na vyftig tot sewentig toe en mense vanuit hierdie groep het die klippe begin aandra en die versperrings begin in die pad sit.

<u>MNR. BIZOS</u> : Het jong mense van die huise by hulle aangesluit? -- Dit is korrek, vanuit die rigting van die huise.

Was die versperrings opgerig uit dit wat 'n mens gewoonlik in die agterplaas van 'n huis kry, soos byvoorbeeld asblikke ... -- Dit was beskadigde asblikke en geduiktes en ook klippe.

Wat uit die huise geneem is in die omgewing en op die pad geplaas is? -- Ek weet nie, maar hulle is nou net daar te

.../ voorskyn

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

voorskyn gebring.

Maar u het vir ons gesê u het berigte of verslae gehad dat voor die versperrings plaasgevind het, daar moeilikheid was in Sebokeng? -- Dit is korrek. Ek het dit gehoor oor die radio, maar ek het dit nie gesien nie.

HOF : Wanneer het u vir die eerste keer van padversperrings gehoor in Sebokeng? -- Kort na ons met ons patrollie begin het na 06h00.

MNR. BIZOS : Padversperrings of ander moeilikheid? -- Versperrings en dat hulle nou die polisie begin gooi.

Kan u onthou dat u van padversperrings gehoor het voor 07h00? -- Voor 07h00, ja.

Wanneer het u vir die heel eerste keer daarvan gehoor? -- Net voor hulle by ons begin het.

Voor 07h00? -- Terwyl ek nou die berigte oor die radio so hoor.

Wat was die aard van die berigte tussen 06h00 en 07h00 toe u vir die eerste keer van padversperrings gehoor het? -- Dit is twee polisiemanne wat met mekaar gepraat het oor die radio wat gesê het moenie daar ry nie, want die pad is daar toegepak.

Dit is wat u kort voor 07h00 gehoor het? -- Dit is korrek.

Wat ek wil weet is, wat was die aard van die moeilikheid waarvan u gehoor het tussen 06h00 en 07h00 behalwe die versperrings in die pad? -- Dit is weer dieselfde twee polisiemanne wat met mekaar gepraat het en gesê het "Oppas vir daardie goed daar. Hulle het my gegooi nou net."

Het u nie gehoor van enige aanvalle op raadslede se huise of aanvalle op eiendom van die Administrasieraad of so iets voor 07h00 nie? -- Ek het dit nie so opgevang nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

En u was besig by die radio om in kontak te wees met wat in die omgewing gebeur het? -- Nee, nie die hele tyd nie, want ek het uit die voertuig geklim. Ek het nie in die voertuig bly sit nie.

Het u van enige verslae gehoor die oggend dat 'n jong man of 'n kind geskiet is? -- Nee, ek het nie en ek wil dit net ook uitbring dat my radiokontak, net na ek raakgegooi is deur daardie sarsie klippe is my lugdraad van die radio ook afgegooi.

Hoe laat was dit? -- Dit was nou net voor 09h00 by die aanval op ons, toe ek raakgegooi was.

Maar voor dit het u niks daarvan gehoor nie? -- Ek het niks daarvan gehoor of daarin belang gestel om te hoor nie, want my aandag was ook nie daarop gevestig dat iemand raakgeskiet was nie.

Van 06h00 tot 07h00 het die busse op die gewone manier weggery sonder enige moeilikheid? -- Die busse het daar gestop, hulle het gery, hulle moes nou oor daardie versperrings ry, u weet die klippe wat gepak was ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, ons praat van voor 07h00? -- Voor 07h00? Ja, het hulle normaalweg daar gery.

En was hulle taamlik vol of nie? -- Nee, die busse - hoe kan ek dit nou stel, hulle het gekom, soos wat ek nou gesien het, met hier en daar 'n persoon in tot by die terminus en daar het die mense dan nou ingeklim totdat hy vol is en dan is hy vort op sy roete.

As u dit in die algemeen moet beskryf, volgens wat u waargeneem het, tot 07h00 was alles rustig in Sebokeng? -- Ja, 07h00 wat ek kon waargeneem het.

As daar enige brandstigting in Sebokeng sou gewees het,

/wave

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

was u op 'n taamlike hoër vlak as die beste deel van Sebokeng? -- Ek het u nie gevolg met daardie vraag nie.

HOF : Is die terminus hoog geleë? Is die oppervlakte van die grond hoër as Sebokeng? -- Nee, ek kyk reg in die huise vas.

U het nie uitsig daar nie? -- Daar is ook 'n bultjie aan die ander kant waar ek nie kan sien nie. Dit was plat aarde gewees, behalwe aan my regterkant. Daar begin die hoofpad nou so op ry.

Opdraende? -- Dit is reg, dan val hy so weg.

Maar u het geen rook gesien in die omgewing van Sebokeng tot wanneer nie? -- Tot na, soos ek gestel het, die probleme begin het 08h00 tot so 08h30. Toe het ek die rook begin sien.

Miskien later? -- Ek sê ongeveer, in daardie tyd.

Het u gehoor voor 08h00 toe u met klippe uit alle rigtings gegooi was of daar enige skietery plaasgevind het in Sebokeng tussen raadslede en die inwoners daarvan? -- Nie waarvan ek gehoor het nie.

U het vir ons gesê dat daar was tussen sewe- en agthonderd mense so 08h30 se kant toe u weer met klippe gegooi was. Kan u onthou?-- Waar hulle nou in die straat afgeloop het?

Ja? -- Ja.

En u het gesê u het T-hempies daar gesien. Van hierdie sewe- of agthonderd mense, hoeveel hempies het u gesien? -- Toe ek nou so om loop was dit opvallend vir my gewees toe ek hulle sien. Ek wil dit net so stel ook, dat dit 'n nou grondpad was, soos die huise se heinings nou loop en hulle het met hierdie pad afgeloop gekom. Tussen hulle en ek wil nou sê hoekom dit opmerklik was, ek het nog by myself gedink ek wonder waar hulle die mooi hempies kry, wie dit vir hulle gegee het. Is daar miskien iemand wat die hempies vir hulle

/gegee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gegee het en dit was nou mooi, nuwe skoon hemde gewees.

Maar hoeveel het u gesien? -- As ek nou vir u sê ek het tien gesien of ek het twintig gesien, dan sal ek nie sê dit is 'n korrekte weergawe nie.

Tussen tien en twintig? -- Tussen tien en twintig, kan ek dit sê.

Was dit die enigste·groep waar u die geel hempies gesien het die dag toe u daar was? -- Toe hulle nou daar uithardloop wat ons nou toe gegooi het.

Dit is die enigste groep? -- Waar ek dit nou opmerklik (10) gevind het die klomp geel hemde.

Dit was die enigste geleentheid waartydens u geel T-hemde gesien het? -- Nee, moontlik kon daar mense met geel T-hemde ook gewees het tussen die ander groepe, maar ek het dit nie opgemerk nie.

Hoeveel dae was u daar? -- Ek was net daardie dag daar, toe is ek af siek met my hand wat so beseer was.

Kan u vir ons sê min of meer hoeveel plakkate u daar gesien het? -- Ek het dit nie getel nie, maar dit was (20) redelik goed verspreid gewees in die gebied.

HERONDERVRAGINGDDEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : U Edele, die volgende getuie is Stephanus Esias Terblanche.

STEPHANUS ESIAS TERBLANCHE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te De Deur? -- Dit is reg.

U het op Maandag, 3 September 1984 om 06h00 aan diens gerapporteer by die polisiestasie te Vanderbijlpark? -- Dit (30)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

is korrek.

U was die opdrag gegee om die woongebied Boipatong te patrolleer daardie dag? -- Dit is korrek.

U het ongeveer to 06h10 aangekom by Boipatong en begin met patrollering? -- Dit is korrek.

Toe u in Boipatong gekom het, hoe het u die toestand daar gevind? -- Die toestand was op daardie stadium. Daar was geen groeperings van mense nie. Alleenlik die strate was versper.

Waarmee was hulle versperk, eerstens? -- Met asdromme, klippe, padtekens.

Dan was dit net een pad of party paaie of al die paaie? -- Ek sal sê 80% van die strate was versper.

U het toe patrolliewerk gedoen daar in die strate? -- Dit is korrek.

Wat het toe gebeur? -- Om ongeveer 11h00 het ek 'n berig per radio ontvang dat daar 'n winkel in die industriële gebied aan die brand is.

Wat maak u? -- Met my aankoms by die winkel het ek 'n groep van ongeveer plus-minus honderd-en-vyftig persone aangetref wat op die stoep rondgehardloop het en verskeie van die mense het blikkieskos in hulle hande gehad. Met ons aankoms het hulle weggehardloop en ons het toe die brandweer ontbied.

Het die brandweer toe opgedaag? -- Hy het opgedaag.

Is die brand geblus? -- Nee, hy kon nie geblus word nie. Dit was te veel. Hy het klaar uitgebrand.

Wat het gebeur terwyl die brandweer daar was? -- Ek kon sien dat 'n groep, plus-minus honderd-en-vyftig hergroepeer.

Waar het hulle groepeer? -- In 'n oop stuk veld by die winkels.

/... Hoe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe ver van u af? -- Ongeveer honderd, honderd-en-vyftig meter van ons af.

En wat gebeur toe met hierdie groep? -- Die groep was gewapen met klippe en stokke ensovoorts en hulle het toe nader aan ons beweeg.

Het hulle stil en rustig na u toe gestap? -- Nee, hulle het geskreeu en hulle gebalde vuiste in die lug gehou.

Wat gebeur toe? -- Soos hulle nader kom het daar een te voorskyn gekom. Hy was so tien meter voor die skare. Hy het die skare geroep deur hulle nader te wink. Hulle het toe al nader beweeg al klipgooiend. Toe hulle ongeveer so dertig meter van ons af was, het hulle gegooi en hulle was baie aggressief. Hulle het al hoe harder geskreeu.

Hierdie persoon waarvan u praat wat aanvanklik tien treë voor was, was hy nog steeds voor die groep gewees? -- Hy was nog steeds voor die groep.

Gaan aan? -- Ek het toe met rubberkoeëls probeer om hulle te stuit. Dit het toe geen uitwerking op hulle gehad nie. Ek het toe vier skote met donshael op die skare geskiet, op die persoon voor.

Weet u of u enigeen getref het? -- Nee. Die persoon het toe omgedraai, terug in die skare ingehardloop en die hele skare het omgedraai en weggehardloop.

Tussen hierdie skare het u iemand met 'n spesifieke T-hempie aan gesien? -- Ja, ek het gesien die geel UDF T-shirt en dan was daar van hulle wat hierdie COSAS T-hempies aangehad het.

Die persone wat u van praat met die UDF en COSAS T-hempies, was hulle deel van die skare of het hulle enige rol gespeel daar of wat? -- Dit was ook maar net 'n deel van die skare.

Toe die spul nou weghardloop, wat maak u toe? -- Toe het

/ ek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ek weer met my normale dienste aangegaan.

U is toe as gevolg van 'n rapport na 'n raadslid se huis toe? -- Dit is korrek.

Weet u watter raadslid dit was? --Ek kan nie sy naam onthou nie. Hy was 'n lid van die veiligheidstak, van die Suid-Afrikaanse Polisie en hy was ook 'n raadslid van die betrokke Munisipaliteit, as ek dit so kan stel.

HOF: Hoe laat het u die rapport ontvang? -- Ek kan nie 'n spesifieke tyd onthou nie. Dit was net na die voorval. Ek kan nie die tyd nou onthou nie.

Is ons nog in die oggend of is ons al in die middag? -- In die oggend.

MNR. FICK : Is u toe na die huis van die man? -- Dit is korrek.

Toe u daar kom, wat het u gevind by die plek? -- Ek het gevind dat 'n gedeelte van die woning reeds uitgebrand het. Alles was normaal. Daar was geen persone in die strate nie.

U het toe aangegaan met patrolliewerk?-- Dit is korrek.

En tydens hierdie patrolliewerk van u, wat het gebeur? Was alles rustig gewees? -- Tydens die dienste verder het ek groepe mense van veertig, vyftig bymekaar opgemerk. Hulle het ons gedurig met bottels, klippe en stokke gegooi. Ons het hulle gedurigdeur maar met traanrook en rubberkoeëls verwilder.

Dit het so periodiek aangegaan tot ongeveer 18h00 die aand toe u van diens af is?-- Dit is korrek.

Die volgende dag, 4 September 1984, 06h00 het u weer begin met patrolliewerk? -- Dit is korrek.

In watter gebied het u toe die werk gedoen? -- Gebied 3, Sebokeng.

Om by gebied 3 uit te kom het jy in die hoofpad gery? Dit is korrek.

/Hoedanig

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoedanig was die toestand van die pad? Kon u vrylik beweeg? -- Nee, die pad was versper ook deur klippe, motorwrakke ensovoorts.

Het u enige persone langs die pad teëgekom? -- Dit is korrek. Ons moes van die goed verwyder sodat ons kon deurbeweeg en terwyl ons die goedere uit die pad uit verwyder is ons gedurigdeur deur groepe van twintig, dertig,vveertig persone aangeval met klippe ensovoorts.

Het u enige voertuie langs die pad gekry wat beskadig is? -- Dit is korrek. Daar was verskeie voertuie wat gebrand het en soos hulle verbykom het ek gesien dat hulle beskadig is.

Hoe laat het u uiteindelik in gebied 3 aangekom? -- Dit was ongeveer 08h00, 08h30 se kant.

En wat was die toestand van die paaie in gebied 3 toe u daar kom? -- Die meeste van die paaie was versper.

Het u enige persone of groepe daar teëgekom in gebied 3? -- Dit is korrek.

HOF : Die versperrings, was dit net aangebring op busroetes in Sebokeng of was dit aangebring op paaie waar daar nie busroetes was nie? -- Dit was busroetes en ook tussen woonhuise. Oor die algemeen was dit alle paaie.

MNR.FICK : Hierdie groepe wat u nou teëgekom het, wat het hulle gedoen? -- Hulle het ook maar klippe gegooi en op ons geskreeu en met gebalde vuiste in die lug geskreeu.

U is toe as gevolg van 'n berig na 'n winkelkompleks daar in gebied 3? -- Dit is korrek.

HOF : Hoe laat was u daar? -- Ek kan ook nie vir u 'n tyd gee nie. Dit was in die voormiddag, in die oggend.

Was dit voor 11h00 of na 11h00? -- Ek sal sê dit was voor 11h00.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. FICK : Wat het u gevind toe u daar kom by hierdie winkelkompleks? -- Die winkels het ook gebrand en die mense het daar weggehardloop met goedere in hulle hande, blikkieskos ensovoorts.

Was daar ook groepe mense daar teenwoordig? -- Dit is korrek.

Wat het daar by die winkel gebeur, behalwe dat die mense met die kos weggehardloop het? -- Daar het hulle ons ook weer met klippe ensovoorts gegooi.

Het u die klomp uiteen gedryf met traangas en rubberkoeëls?-- Met traangas en rubberkoeëls.

Op dieselfde dag ongeveer 13h30 toe is u ontbied na 'n winkelkompleks in gebied 14, Sebokeng? -- Dit is korrek.

U het na daardie plek toe gegaan in gebied 14. Wat het u gevind daar?

HOF : As ons nou 'n uur vir uur relaas het oor die 4de, hoe gaan dit ons uiteindelik help? U kan ons deurneem na die 5de en die 6de en die 7de, maar wat help dit ons? Ek het 'n lys gekry van erkennings dat daar soveel geboue afgebrand is en dat die skade ongeveer soveel is. Moet ek nou alles dit in getuienis ook aanhoor?

MNR. FICK : Die getuienis word aangebied om die tye aan te dui vir die Hof. Die Staat sal later daaroor betoog met betrekking tot organisasie en dat dit nie spontaan was nie en die tipe van ding.

HOF : Op die 4de? Ek praat nou oor getuienis op die 4de en volgende dae. U moet nie vir my getuienis voorlê, mnr. Fick, wat in die lig van erkennings wat reeds gemaak is en wat gemeensaak voor die Hof is onnodig is nie.

MNR. FICK : Ek sal met betrekking tot kleredrag vir die getuie seke v ae stel. U is toe na daardie kompleks toe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

in gebied 14. Is dit reg?-- Dit is korrek.

Het u enige mense daar gekry of was dit verlate of wat was daar aan die gang? -- Daar was 'n groepering van mense. Daar was verskeie van die winkelkomplekse wat reeds aan die brand was asook die biersaal.

Hoeveel mense het u daar gevind? -- Dit was ongeveer tweehonderd persone.

Het u enigiets opgemerk met betrekking tot kleredrag by die groep? -- Daar het ek ook die geel UDF T-shirt tussen die persone gesien en die COSAS T-shirts.

Hoeveel van die mense het u daar in die groep van tweehonderd gesien? Kan u enige aanduiding gee?-- Dit is onmoontlik. Ek kan nie 'n getal sê nie.

Wat was die groep se houding toe hulle u sien? -- Hulle was ook aggressief, baie aggressief en het met klippe gegooi.

Het u hulle uiteen gedryf? -- Dit is korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Terblanche, wanneer het u vir die heel eerste keer 'n skriftelike verklaring gemaak in verband met die gebeure op 4 September 1984? -- Ek kan nie die datum vir u gee nie, maar dit was ongeveer plus-minus veertien dae terug.

Waar was u gevra om dit te doen? -- By die hof, majoor Kruger.

Is dit die eerste keer wat u ooit gevra is in verband met die kleredrag van enige deel van die skare mense wat u gewaar het op die 3de en 4de? -- Korrek.

Het u ooit enige skriftelike verklaring vantevore gemaak in verband met die kleredrag van enige mense daar? -- Nee, ek het nie.

Het die geel T-hemp enige betekenis vir u gehad voor 3 September? --Nee.

/Het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Het u enige kennis gedra van die UDF of COSAS voor 3 September? -- Nee.

So, ons kan aanvaar dat die UDF asook COSAS geen betekenis vir u gehad het voor 3 September nie? -- Dit is korrek.

Hoeveel mense het wit hemde gedra? -- Daar was 'n groep met die wit hempies aan, maar ek kan nie aan die Hof 'n getal gee nie. Hulle beweeg tussen die skare rond.

Nee, ek praat nie van enige soort hempie nie. Hoeveel mense het wit hemde gedra? -- Verskeie.

Hoeveel? -- Ek kan nie 'n getal gee nie. Dit was 'n redelike groep. As ek moet skat sal ek sê vyftig of sestig.

Hoeveel mense het 'n jas gedra en hoeveel mense het nie 'n jas gedra nie? -- Ek het niemand met 'n jas daar opgemerk nie.

Op 3 September het niemand 'n jas aangehad nie? -- Ek het nie gesien wat jaste aan het nie.

Hoeveel mense het 'n skipper aangehad?-- Nee, ek kan nie bevestig nie.

Hoeveel mense het truie aangehad? -- Ek het nie so opgelet wie truie en sulke goed aangehad het nie.

Maar as die UDF T-hemp en die COSAS T-hemp niks vir u beteken het voor daardie dag nie, hoe het dit gekom dat u nou die hemde uitsonder? -- Ek sal sê deurdat dit geskryf is op die hemde.

Maar u weet dat daar baie hemde is wat 'n geskrif op het van die universiteit en van sokkerspanne ensovoorts? -- Dit is korrek, daar is baie.

So, die geskrif is nie buitengewoon nie? -- Nee.

Toe u 'n verklaring gemaak het, is u spesifiek uitgevra in verband met die kleredrag van die mense? -- Nee.

/Is

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Is u nie gevra deur majoor Kruger wie die verklaring geneem het of u kan onthou wat die kleredrag van die mense was nie? -- Nee, ek het my verklaring gegee en majoor Kruger het hom geskryf. Hy het my nie oor hemde of enigiets gevra nie.

Waarom sou u uit u eie inisiatief melding maak van die geel hemde en COSAS hemde as dit nie van enige betekenis vir jou was nie? -- Ek was bewus dat daar wel 'n party bestaan soos die UDF, maar wat ek bedoel dat hy geen betekenis vir my het nie, is dat ek nie belangstel in hulle nie. Ek het wel geweet dat daar so 'n party is, maar ek stel nie belang in hulle nie.

Beskryf asseblief 'n COSAS T-hemp vir ons? -- Dit wat ek gesien het was wit met swart voor die bors geskryf.

U sê dat die COSAS T-hemp wit en swart is? -- Dit is reg.

En wat staan daarop? -- Die woord COSAS voor die bors.

En wat nog? -- Daar is nog geskryf, maarek het nie so opgelet daarna nie.

En agter op, is daar iets geskryf? -- Nee, ek kan nie aan die Hof sê of daar iets agter op geskryf is nie. Ek kan dit nie onthou nie.

En hoe lyk 'n DF T-hemp? -- Dit is 'n geel T-hempie met 'n tipe van 'n wapen met die woorde UDF binne-in die wapen.

Is enigiets anders daarop geskryf? -- Ek weet daar is iets agter op geskryf, maar ek kan nie aan die Hof sê wat dit is nie.

Is daar enigiets voor op geskryf? -- Ek het nie so opgelet nie.

Wanneer het u vir die heel eerste keer 'n UDF hemp gesien in jou hele lewe? -- Dit was die 3de.

Nie voorheen nie? -- Nee.

/Hoe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe het u geweet dat dit nou 'n UDFT-hemp is toe u dit gesien het op die 3de? -- Omdat dit op hom geskryf staan.

Hoe ver was u van die mense wat die UDF T-hemde gedra het en u het UDF op die hemp gelees? -- Ek was somtyds naby aan hulle, ongeveer tien meter.

Besig om met hulle te praat? -- Nee, terwyl hulle aangekom het na my toe.

En van die eerste groep by Bophelong wat u gesien het dat hulle T-hemde aangehad, hoeveel van hulle het T-hemde aangehad?

HOF : Was die getuie by Bophelong?

MNR. BIZOS : Boipatong, ek is jammer. Hoeveel van hulle het T-hemde aangehad?-- Plus-minus vyftien, twintig.

Hoeveel UDF hemde was daar en hoeveel COSAS hemde was daar? -- Altesaam?

Ja? -- Ek sal sê vyf-en-veertig, vyftig.

Hoe groot was die groep? --Die groep, as ons van dieselfde groep praat is honderd-en-vyftig.

So, u getuienis is dat elke derde persoon so 'n hemp aangehad het? -- Ek sê ongeveer. Dit is 'n skatting wat ek maak. Dit kan minder wees of dit kan meer wees.

Dit was mos baie belangrike inligting gewees. Het u nie aan die kaptein gerapporteer dat die mense baie, baie maklik uitgesoek kan word omdat een uit drie van hulle dra 'n T-hemp van COSAS of UDF? Het u dit gerapporteer? -- Al wat ek gerapporteer het is net berigte per radio dat die skare uiteen is en dat dinge nou weer normaal is. Ek het nie melding gemaak presies van die hemde wat die persone aangehad het nie.

Maar dit was 'n baie belangrike observasie, nie waar nie? -- Op daardie stadium was dit nie vir my belangrik as persoon wat die mense uitmekaar jaag nie.

/... Maar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Maar kort daarna, het u nie geweet dat daar miskien ondersoek ingestel moet word in verband met die identiteit van die mense wat u aangeval het nie? -- Die mense het almal gevlug. Ek sal sê ek het geweet daar sal 'n ondersoek wees in verband met die brande en onlus wat plaasgevind het, maar ek het nie geweet dit gaan betrekking op die saak hê wat nou hier in die hof aan die gang is nie.

Wat was u rang toe? -- Adjudant-offisier.

Is dit soos nou? -- Dit is korrek.

Het u nie geweet dat u al die inligting aan die ondersoekspan moet gee sodat die persone uitgesoek kan word en gearresteer word nie? -- Al wat ons altyd in die hele tydperk gedoen het, is, ons het net die getal mense gegee, plus-minus soveel mense en dan het ons hulle uiteen gejaag. Dit is al rapport wat ek vir my beheerstasie gee.

Daar is geen melding in enige verslag of enige verklaring van die feit dat elkeen van die drie persone 'n UDF en/of COSAS T-hemp aangehad het nie. -- Ek het geen melding daarvan gemaak nie.

Het u dit op daardie tydstip nie van enige belang beskou nie? -- Dit is korrek.

Ja, maar wat het intussen gebeur dat agtien maande gelede - ek is jammer, agtien maande later dit van belang geword het en sonder om vir enige persoon te vra, maak u melding daarvan aan majoor Kruger. Wat het intussen gebeur? -- Ek het dit in my verklaring aan majoor Kruger gemeld en hy het dit geskryf.

Dit het u alreeds gesê. Die vraag is, wat het intussen gebeur om dit nou so belangrik te maak dat u melding daarvan gemaak het aan majoor Kruger en nie vantevore nie? -- Ek sal sê omdat dit in verband met 'n hofsaak is. Dit was net 'n gewone radioberig. Ek gee dit net deur aan 'n polisiebeampte

/wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

wat die berig afskryf. Hierdie is 'n verklaring wat ek in die hof gee.

Waarom was u van mening dat dit 'n belangrike feit was en dat u daarvan melding moet maak aan majoor Kruger in die verklaring? Hoe het dit gekom? -- Ek sal sê dit is getuienis wat ek in 'n hof moet lewer. Die berig wat ek deurgegee het deurdat ek dit nie daar genoem het nie, was vir my 'n minderwaardige berig wat ek jet aan my beheerstasie gee.

Het u geweet dat die verklaring in verband met 'n saak sou wees? Dat u getuienis moet lewer in 'n hofsaak terwyl u besig was om die verklaring te maak? -- Ek was bewus van die saak wat hier huidiglik aan die gang is.

En was u bewus van die feit dat sekere van die leiers van die UDF in die beskuldigdebank sit? -- Ja, ek het dit in die koerant gelees.

Is dit toe dat u besluit het om melding van die UDF en COSAS T-hemde te maak? -- As hulle my voorheen gevra het vir 'n verklaring sou ek melding gemaak het daarvan.

U sien, ek wil dit aan u stel dat die getuienis van u dat daar UDF T-hemde en COSAS T-hemde was op so 'n groot deel van die skare, kan nie reg wees nie. -- Dit is reg soos ek dit gegee het.

Sal u vir ons sê of die voorbok of voorbokke wat daar gekom het ook 'n UDF hemp aangehad het? -- Nee, ek het dit nie gesê nie. Ek het gesê die persoon was tussen die skare. Hy was nie 'n voorbok nie.

Kan u miskien verduidelik - sê vir ons, was dit 'n koue oggend of 'n warm oggend? Kan u onthou? -- Ek kan nie onthou of dit warm of koud was nie.

Kan u onthou of mense vroeg die oggend rondbeweeg het sonder 'n jas of 'n trui? Of sou hulle 'n jas of trui aangehad

/ het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek mense gesien het ooit met truie of baadjies of jasse aan nie.

Op die 3de en die 4de, hoeveel keer is u deur groepies gekonfronteer? -- Dit was baie.

Hoeveel groepe? --Die hele 3de en 4de - dit was ongeveer twintig groepe.

En as ek u getuienis korrek verstaan het was daar net twee groepe waarin u T-hemde gesien het. Is dit reg? -- Dit is korrek.

By die ander agtien groepe het u nie die T-hemde gesien nie? -- Dit is korrek.

En was die ander groepe van soortgelyke grootte? -- Nee, hulle was klein groepies.

Daar is net een groep wat groot was?-- Ja, die grootste groep was plus-minus tweehonderd.

K218 Vroeg die oggend van die 3de te Boipatong, was daar klein groepies mense wat op die pad gestap het?

HOF : Op watter pad?

MNR. BIZOS : Verskeie paaie daar in Boipatong.

HOF : In die straat?

MNR. BIZOS : In die straat? -- Daar was hier en daar 'n normale voetganger gewees.

Daar was sê van 07h00 af normale groepe van voetgangers? Normale groepe van vyf of ses of agt of miskien tien persone wat op pad was? -- Ja, daar het mense hier en daar rondgestap. Ek het nou nie hulle groepe getel of iets van die aard nie, maar daar het hier en daar twee, drie persone bymekaar gestap.

Was u in 'n landrover? -- Nee, in 'n polisiemotor, 'n sedan.

Hoeveel polisievoertuie was daar in Boipatong tussen 07h00 en 09h00 die oggend? -- Ek het polisievoertuie daar teëgekom, maar ek weet nie hoeveel presies was in die lokasie

.../ self

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

self nie.

Het u landrovers teëgekom? -- Ja.

Hoeveel? -- Ek sal sê twee of drie het daar rondgery. Hulle het van plek tot plek gery.

Het u enige inligting gehad dat mense van Boipatong van plan was om 'n optog te hou van Boipatong tot by Houtkop? -- Nee, ek het geen inligting gehad nie.

Het u enige inligting gehad dat daar 'n beroep was, miskien 'n besluit dat mense nie werk toe sou gaan op die oggend van 3 September nie? -- Ek het wel, as ek dit so mag noem, praatjies gehoor, maar niemand het direk vir my dit gesê nie. Ek het maar so gehoor as die mense praat.

Was dit nie deel van die inligting wat aan u gegee is om u werk beter te doen dat daar 'n plan was deur die mense wat in Boipatong woon om by die plein daar by Boipatong saam te kom nie?-- Nee, niemand het vir my sulke inligting gegee nie. My opdrag was net om normale patrolliedienste daar te ry.

Weet u dat daar wel 'n plein by Boipatong is? -- Nee, ek dra nie kennis van so 'n plein nie.

Die plek waar die huurmotors en sekere busse stop en wegtrek?-- Ek weet daar is busstoppe, maar nie waar hulle op groot skaal bymekaar kom nie.

Was u ooit naby die plein wat in Boipatong is of dra u nie kennis van die plek waarna ek verwys nie? -- Ek dra nie kennis van die plek nie.

Was u 'n nuweling in Boipatong op daardie oggend? Ken u nie Boipatong nie? -- Ek ken hom nie goed nie. Laat ek dit so stel.

Dra u kennis van enige persoon of persone wat besig was met plakkate onder hulle arms om na die plein te stap

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

om die optog te begin? -- Ek het geen persoon ooit die heeldag daar gesien nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat die polisie die oggend te Boipatong besig was om die klein groepies wat op pad was na die plein om deel te neem aan die optog uitmekaar te jaag. -- Ek het dit nie gesien nie.

En dat die mense wat op 'n vreedsame manier op pad na die plein was met sambokke aangeval is? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Was u van 07h00 tot 09h00 se kant op die 3de in Boipatong? -- Dit is korrek.

Het u per radio met u kollegas te Boipatong geskakel? -- Ek was in radioverbinding.

Het u enige verslae gehoor op die radio dat sekere van u kollegas besig was om groepies mense uitmekaar te jaag? -- Nee, ek het nie.

HOF : Is u by die onluste-polisie? -- Nee, honde-eenheid.

Het die honde-eenheid sambokke? -- Nee, ons het geen sambokke nie.

MNR. BIZOS : Was die ander polisiebeamptes wat die landrovers gebruik het verbonde aan die onluste-afdeling? Is die ander lede wat daar was in u afdeling of in 'n ander afdeling? -- Hulle was in ander afdelings.

Insluitende die onluste-afdeling? -- Kyk, daar was van verskeie distrikte polisiebeamptes. Ek weet nie in watter afdeling van die Mag dien hulle nie.

Wat was u opdrag, wat moes u daar verwag het? -- My opdrag was ek moet die omgewing patrolleer en enige voorvalle moet ek dadelik rapporteer, klipgooiers of mense wat die busse aanval. Dit is waarvoor ek daar gery het.

Is u gesê wat die rede was vir die ontevredenheid van

/ die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die mense? Is u gesê waarom daar miskien moeilikheid verwag word? -- Nee, niemand het my gesê nie.

Wat moes u reaksie gewees het as mense nie klippe gegooi het nie, maar net in klein groepies op die paaie gestap het? Dit is nou na die plein toe? -- Ek sou hulle gelos het. As hy my nie aangeval het of aggressief teen my opgetree het nie, kon ek niks doen nie. Dan het ek hom gelos.

Sou u nie wou weet waarom hulle nie werk toe is nie en waarom stap hulle in groepies op die paaie na 07h00? -- Ek sou miskien by hulle gevra het as hulle in groot groepe bymekaar gewees het "Waarheen is jy op pad?" maar ek het geen groot groep gesien wat vreedsaam in die straat stap nie.

Het u met enige persoon daar gepraat en gevra wat is die moeilikheid, wat gaan aan? -- Die persone wat ek as 'n polisieman miskien mee kontak probeer maak het, het my geïgnoreer, hulle wou nie met my praat nie. Dit het vir my voorgekom hulle is bang vir my.

Wanneer het u die indruk gekry dat hulle vir u bang was? -- Ek het voorheen al daar patrollie gery. Baie van die mense het jou byvoorbeeld gegroet en daardie oggend het niemand jou gegroet nie. Hy het jou net geïgnoreer.

Hoeveel groepies het u geïgnoreer? -- Dit was nie groepies gewees nie, dit was persone wat langs die pad geloop het. Hy het jou nie gegroet nie, hy het nie na jou gekyk nie, hy het net gemaak of hy jou nie sien nie en verbygeloop. Ek het ook nie persoonlike kontak met hulle probeer maak nie.

Het u miskien u hond uit die voertuig geneem? -- Nee.

Was daar net u motorkar van die honde-eenheid of was daar meer as een? -- In daardie gebied was dit net my voertuig.

Het u miskien probeer uitvind waarom die mense op so 'n

/ eienaardige

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

eienaardige manier opgetree het en u geïgnoreer het? Het u vir u hoofkwartier gevra wat gaan hier aan? -- Ek het my eie diskresie op daardie stadium gebruik. Ek wou nie graag met 'n persoon praat nie, want ek was bewus hulle is bang vir iets. As ek met hom praat, kan hulle dalk iets aan hom doen. Dit is hoekom ek nie met hom wou gepraat het nie.

U het melding gemaak van 'n sekere veiligheids - lid van die veiligheidstak wie se huis aangeval is? -- Korrek.

Hoe is die huis aangeval? -- Al wat ek weet is, die huis is gebrand. Toe ek daar aangekom het, was 'n gedeelte van die huis reeds uitgebrand. Ek weet nie op watter manier is die huis aangeval nie.

Hoe laat was dit wat u gesien het dat gedeeltes gebrand het? -- Dit was na 11h00 want die eerste voorval was 11h00 en dit het daarna gebeur.

Na 11h00 maar voor 12h00 van die 3de? -- Dit is korrek.

Volgens sekere van die getuienis en die inligting wat ons gehad het was die huis van die veiligheidslid gedurende die nag van die 3de tot die 4de afgebrand? -- Nee, dit was op die 3de gewees.

As ek vir u die naam van die veiligheidslid gee, sal u dit miskien onthou? -- Nee, ek ken nie sy van nie. Al gee u dit, sal ek nie sy van onthou nie.

Het u ooit van sersant Mpondo se naam gehoor? -- Nee, ek het nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

PIETER WILHELM PRINSLOO, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Krugersdorp? -- Dit is korrek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

korrek.

U is die nag van 2 September 1984 in opdrag na Sebokeng? -- Dit is korrek.

U het daar die nag van 2 tot 3 September 1984 in gebiede 12, 13 en 14 Sebokeng gepatrolleer? -- Dit is korrek.

Gedurende hierdie tyd wat u gepatrolleer het, het daar enigiets plaasgevind? Was daar enige padversperrings? Het u enigiets abnormaal opgemerk? Dit is in hierdie betrokke gebiede? -- Nee, nie op daardie stadium nie.

U is die volgende oggend, 3 September 1984 ontbied na die polisiestasie te Sharpeville? -- Korrek.

HOF : Tot hoe lank het u in gebiede 12, 13 en 14 gepatrolleer? Tot hoe laat op die 2de of op die 3de? -- Op die 3de tot so ongeveer 06h00.

Is u toe om 06h00 na Sharpeville toe? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Wat het gebeur? Wat het u opgemerk in Sharpeville? Dit is toe u nou polisiestasie toe ry? -- Te Sharpeville aangekom ongeveer 07h00 die oggend te Seeisostraat. Op daardie stadium was daar padversperrings opgerig in die betrokke straat.

Kan u vir die Hof 'n aanduiding gee waaruit het hierdie padversperrings bestaan? -- Ek het ongeveer 150 na 200 meter in Seeisostraat inbeweeg en van daar af het ek die versperrings aangetref te Seeisostraat.

Wat se versperrings was dit? -- Dit was asblikke, klippe, motorwrakke. Daar was verkeerstekens. Daar was 'n busstophalte wat van die dele gebreek was en in die pad geplaas was. Ek kon nie verder beweeg nie as gevolg van my voertuig waarin ek beweeg het. Ek kon nie oor die versperrings gaan nie.

HOF : Wat se soort voertuig het u gehad? -- Ek het 'n Mercedes onluste-eenheid bus 'n 5-tonner bestuur.

.../ MNR. FICK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. FICK : Wat het u toe gemaak? -- Ek was verplig gewees om die versperrings te laat verwyder.

Het u enige persone teëgekom in die straat? -- Daar was groeperings gewees van nagenoeg tussen honderd-en-vyftig tot vierhonderd party plekke.

Wat was hulle reaksie gewees? -- Die mense in die bopunt van Seeisostraat was kalm. Hoe verder ons gevorder het hoe meer opruiend was die skare gewees. Ons was op daardie stadium deur persone met voorwerpe soos klippe en bottels gegooi.

Was daar enigiets geskreeu? -- Ek kan onthou dat onbekende persone geskreeu het.

Uit die groep uit? -- Korrek.

Wat het hulle geskreeu? Kan u onthou? -- Viva Mandela.

Enigiets teenoor u, die polisie? -- Ja. SAP honde.

U gaan nou af en u maak die pad skoon. Wat gebeur toe? -- Nog steeds kon ek nie behoorlik beweeg nie. Nog steeds het ek probleme om oor die versperrings te kom en nog steeds word ek met klippe gegooi.

Moes u elke keer uitklim en die goed uit die pad laat vat? -- Korrek.

U het terwyl u besig was om daar te ry 'n berig ontvang in verband met raadslid Dhlamini? -- Dit is korrek.

Hoe laat was dit ongeveer? -- Ek sal sê dit was nagenoeg tussen 10h00 en 11h00 van die 3de.

Is u na sy huis toe? -- Korrek.

Wat het u gevind toe u nou daar kom? -- Die moment toe ek in die straat - in die betrokke straat indraai waar ene Dhlamini gebly het, het ek 'n groep mense waargeneem in die straat.

Hoe groot? -- Ek sal sê plus-minus driehonderd.

Gaan voort? -- Die mense het wegbeweeg uit die straat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

uit tussen die huise in. 'n Swartman het my gestop. Later het ek vasgestel dat dit mnr. Dhlamini was. Mnr. Dhlamini het sy huis aan my uitgewys waarvan daar reeds op daardie stadium van sy vensters aan die voorkant van die huis gebreek was. Ek het toe vir mnr. Dhlamini gevra of hy saam met my wil wegbeweeg van die toneel af na 'n veiliger plek. Daarop het mnr. Dhlamini gesê dat hy reg is, daar is geen probleme met hom nie.

Hy wou nie saamkom nie? -- Hy wou nie saamkom nie.

Was mnr. Dhlamini gewapen? -- Korrek.

Wat het hy by hom gehad? Het u die wapen gesien? -- Dit is korrek. Dit is 'n 9mm, maak onbekend; pistool.

U het hom toe daar agtergelaat en verder gery? -- Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K219 PIETER WILHELM PRINSLOO, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ons het laas opgehou waar u gesê het u vertrek het van mnr. Dhlamini se huis af? -- Korrek.

Wat het gebeur toe u daar weg is langs die pad? -- Ek het voortgegaan met patrolliedienste.

Het u nog enige groepe teëgekom? -- Ja, daar was nog steeds groepering gewees.

Wat was die gedrag van hierdie groep? -- Dit het nog steeds voortgegaan om slagspreuke te skreeu sowel as gebalde vuis in die lug te steek.

HOF : En die klipgooiery? -- Op daardie stadium was daar nie klipgooiery na my voertuig nie.

MNR. FICK : Op 'n stadium die dag is u beseer? -- Dit is korrek.

... / Hoe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe het dit gebeur? -- Ek het in 'n sekere straat in Sharpeville beweeg en reg voor 'n kafeekompleks was daar weer groepering gewees.

Hoe groot was die groep? -- Ongeveer tussen driehonderd en driehonderd-en-vyftig.

Wat het hulle gemaak toe hulle u sien? -- Hulle het voortgegaan met slagspreuke en gebalde vuis in die lug te steek. Die volgende oomblik was daar 'n hewige sarsie klippe en voorwerpe na die voertuig geslinger waarin ek was. Onverklaarbaar het daar 'n stuk beton deur die bus se ruit gevlieg. As gevolg van die beton is ek beseer en na Vanderbijlpark Hospitaal geneem.

HOF : Hoe laat het die besering plaasgevind? -- Ek sal sê ongeveer tussen 10h00 en 10h30.

MNR. FICK : Net volledigheidshalwe, hoe is u beseer? -- My Adamsappel was ingeduik gewees sowel as snymerke aan my keel en bolyf.

Het die polisie opgetree daar toe hierdie klipgooiery plaasgevind het? -- Ja, ek glo hulle het opgetree. Ek kan nie onthou nie.

Hierdie selfde dag, die middag se kant, hier na 16h00 was u behandeling klaar en u het toe weer begin met patrollie in gebied 14? -- Korrek.

HOF : Dit is in Sebokeng? -- Korrek.

MNR. FICK : Die paaie in daardie gebied waar u was, wat was die toestand daarvan? -- Gebied 14 self was ook versper gewees toe ek daar inbeweeg het.

U is daar na 'n sekere besigheidskompleks? -- Dit is korrek.

In gebied 14. Wat het u daar gevind? -- Daar was algehele chaos.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF : Hoe laat was dit toe u daar is? -- Ongeveer 17h0O - tussen 17h00 en 17h30, van die 3de.

MNR. FICK : Wat se chaos praat u van? -- Die geboue van die betrokke kompleks was in vlamme gewees.

Was daar enige mense? -- Daar was persone, groot getalle tussen tweehonderd en twee-honderd-en-vyftig mense.

Wat het hulle gedoen? -- Soos dit vir my voorgekom het van my waarneming was hulle besig op daardie stadium om van die geboue en winkels te plunder en verder aan die brand te steek.

Wat het hulle gedoen toe hulle u opmerk? -- Ons het inbeweeg tot voor die kompleks waarop daar vanuit agter die huise en langs die huise ons met voorwerpe gegooi is.

Is dit nou weer klippe of wat is dit? -- Dit is klippe en bottels.

Het die polisie daar opgetree? -- Daar het ons beslis opgetree.

Hoe? -- Eers met gas. Dit het 'n effektiewe uitwerking gehad van 'n paar minute. Weer eens was daar 'n aanval op ons geloods en toe het ons met donshael opgetree.

By hierdie plek is daar onder andere in hierdie kompleks 'n videowinkel? -- Korrek.

Het u enigiets opgemerk ten opsigte van hierdie videowinkel? -- Die videowinkel was nog nie geplunder op daardie stadium nie. Die vooraansig van die winkel bestaan uit twee groot ruiteenhede. Op die ruite was in rooi verf die volgende aangebring "Viva Mandela, Viva Africa." Die gemeenskapsaal van gebied 14 is ongeveer 200 na 300 meter vanaf die betrokke videowinkel. Op die een sy, die muur van die gemeenskapsaal was met dieselfde rooi verf "Viva Africa" aangebring.

Hierdie persone wat u daar teen opgetree het, kan u enige

/aanduiding

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

aanduiding gee ten opsigte van hulle kleredrag? Het u enige T-hempies opgemerk daar? -- Ja. Daar was persone wat die element COSAS T-hempies verteenwoordig het daar.

HOF : Kom ons stel dit nou net maklik, ek wil nou nie hê element COSAS T-hempies verteenwoordig nie. Hulle verkoop tog seker nie die goed nie. Het hulle T-hemde gedra met COSAS op? -- Korrek. By die gemeenskapsaal het ek wel persone ook gesien met UDF T-hempies aan.

MNR. FICK :

Laat ons net iets duidelik kry of wat nie vir my duidelik is nie, die persone teen wie u opgetree het daar by die winkelkompleks, was daar onder hulle persone met hierdie T-hempies aan of was die mense wat u met die CCSAS en UDF T-hemde gesien het ander mense? -- Die persone waarteen ek opgetree het, onder hulle het van die COSAS sowel as die UDF T-hempies aangehad, sowel as teenoor ander persone.

Hierdie persone teen wie u opgetree het by die winkelkompleks, het hulle enigiets gesing of geskreeu? Hoe was hulle optrede? -- As ek kan onthou was daar slagspreuke geskreeu, maar ek kan nie onthou wat het hulle geskreeu nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Prinsloo, wat is die COSAS T-hempie? -- Soos ek hom waargeneem het is dit 'n T-hemp, wit van kleur en voor op die bors is in swart aangebring COSAS.

Hoe word dit gespel? -- Dit kan met 'n C of 'n X wees. Ek kan nie onthou nie.

Wat is die volgende letter? -- Ek moet met alle respek sê ek weet nie.

Maar u het die Hof verseker dat daar COSAS T-hemde was. Hoe weet u dat dit COSAS hemde was? -- Soos ek sê, dit kon met 'n C of 'n X gespel gewees het.

U weet mos van die Xhozas wat in die Transkei en die

/ Ciskei

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Ciskei woon? -- Ek ken hulle.

Wou hulle miskien aandui dat hulle daarvandaan kom? -- Dit is moontlik. Ek het nie geweet waaroor hierdie dinge gaan nie. Dit is moontlik. Ek kan nie sê nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat die poging van u om sekere politieke organisasies in die gedrang te bring, heeltemal vals is. -- Ek betwyfel of ek valse getuienis gee. Ek gee getuienis ten opsigte van persone wat ek gesien het.

Waar het u of wanneer het u vir die heel eerste keer die opmerking gemaak daar was persone wat COSAS verteenwoordig het. Wanneer het u vir die heel eerste keer die gedagte gehad? -- (Getuie talm om te antwoord)

Verstaan u die vraag? -- Nee.

Voor u vir Sy Edele en die geleerde assessore gesê het dat daar persone was wat die COSAS verteenwoordig het, het u voorheen so aan iemand anders gesê voor u na die getuiebank gekom het? --Nee. Net in die aflê van my verklaring.

Wanneer het u u verklaring gemaak? Dit is die skriftelike verklaring voor u as 'n getuie in die saak geroep is? -- My eerste verklaring wat ek gemaak het aangaande die aangeleentheid is ongeveer so 'n maand gelede.

Aan wie? -- Aan 'n polisiebeampte.

Wie? -- Majoor Kruger.

Die ondersoekbeampte in die saak? -- Ek vermoed hy is die ondersoekbeampte.

Die gebeurtenis het meer as agtien maande gelede plaasgevind Het u voorheen geen skriftelike verklaring gemaak in verband met die gebeurtenis nie? -- Ek het.

Wanneer was dit? Wanneer was daardie verklaring van u geneem? -- Dit was geneem kort na die gebeure van die 3de, 4de, 5de en 6de.

/ Het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Het dit oor u beserings gegaan? -- Korrek.

Was daar enigiets in daardie verklaring in verband met die T-hemde van die COSAS? -- Bewysstukke is deur my ingehandig en 'n verklaring van my optrede aan brigadier Viljoen gegee.

Wat se bewysstukke het u aan hom gegee? -- Onder andere klippe, messe, byle, voorwerpe wat gebruik was.

Miskien was my vraag nie heeltemal duidelik nie. In daardie eerste verklaring wat oor u beserings gegaan het, is daar enigiets daarin in verband met die hemde van COSAS of van UDF? -- Nee.

Die verklaring wat 'n maand gelede geneem is, is u daaroor uitgevra deur majoor Kruger of het u dit self gemeld? -- Ek het getuienis gegee in daardie verklaring ten opsigte van die gebeure die 3de, 4de en oor UDF en COSAS.

Ek sal probeer om my vraag duideliker te maak. Toe die tweede verklaring deur majoor Kruger geneem is, wie het van die hemde eerste gepraat? Majoor Kruger of u? -- Ek het in hoof getuig oor UDF en COSAS. Ek het daarvan gepraat. Ek was na die omstandighede uitgevra.

<u>HOF</u> : Maar die advokaat wil weet, het u vanself van UDF of van COSAS melding gemaak of het majoor Kruger u gevra oor so iets? -- Ek het self melding gemaak daarvan.

<u>MNR. BIZOS</u> : Waarom is daar geen melding gemaak van die T-hemde in u eerste verklaring nie en waarom is daar daarvan melding gemaak in die tweede verklaring?-- In die eerste verklaring aan brigadier Viljoen het dit gegaan oor my optrede, waar het ek opgetree, wat was die omstandighede, hoekom het ek opgetree en dit is waaroor ek toe 'n verklaring afgelê het.

Seer sekerlik by die eerste verklaring wou u ook miskien die ondersoekbeampte in daardie saak behulpsaam wees om u aanvallers te kry? -- Ek het nooit voorheen in enige saak

.../ kriminele

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

kriminele saak omtrent aanvallers of beskadigings of enigiets 'n verklaring afgelê nie.

Ek wil u vra of u nou heeltemal gesond is en u verstaan al die vrae wat ek aan u stel? -- Ek glo so.

Maar toe die tweede verklaring gemaak is, is dit nie vir 'n soortgelyke doel geneem nie? -- Ek glo dit is vir 'n soortgelyke doel geneem.

En waarom was dit onnodig in die eerste verklaring om van die T-hempies melding te maak en waarom was dit nodig om daarvan melding te maak in die tweede verklaring? -- Met die eerste verklaring het dit seer sekerlik gegaan oor persele. Die tweede verklaring het gegaan oor my algemene insig en siening van 1984. Wat het ek gesien.

Het u geweet toe u die verklaring besig was om aan majoor Kruger te maak dat u as 'n getuie in die saak geroep sou word? -- Nee.

Het majoor Kruger of iemand anders nie aan u gesê wat die rede is waarom u nou 'n tweede verklaring moet maak nie? -- Dit was die eerste keer, hierdie tweede verklaring waarvan ons nou praat, wat ek ooit 'n verklaring aangaande 1984 se omstandighede afgelê het.

Het u geweet waarom 'n tweede verklaring van u geneem is of nie? -- Die tweede verklaring wat van my geneem was, was gesê omrede ek moontlik kan gebruik word as 'n getuie.

IN watter saak? -- In MR 75/10/84.

Na watter saak verwys dit? -- Ek getuig vandag in die saak.

Is dit die nommer van ons saak? -- Ek glo so.

Waar het u die nommer gekry? -- Die betrokke verwysingsnommer waarna ek nou verwys is deur my opgegee in die SAP 6 misdaadopgawe en dit is waarom ek hom onthou.

/Is

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Is dit miskien bo-op u verklaring geskryf? -- Ek weet nie of daardie nommer op my verklaring gaan verskyn nie. Ek weet regtig nie.

In elk geval, probeer asseblief om 'n UDF T-hemp vir ons te beskryf? -- Soos ek hom onthou is dit 'n geel T-hemp met 'n ronde kring. Die inhoud van die kring weet ek nie wat daarin is nie en bo-op staan UDF.

Bo-op? -- Ja.

Met groot letters? -- Ek sal skat leesbare letters op 'n afstand van 10 meter.

UDF? -- UDF, dit is al wat ek waargeneem het.

Is dit al? -- Dit is reg.

En agter op? -- Daar staan ook iets in rooi geskryf. Ek kan nie daaroor getuig nie. Ek weet nie.

En die COSAS se hempie? -- Soos ek reeds getuig het, dit is 'n wit hemp.

Ja? -- Met COSAS voor op geskryf.

Was daar enige beeld op die hempie? -- Nee, ek kan nie 'n beeld onthou nie. Ek kan nie vir u vandag sê werklik wat daarop gestaan het nie. Ek kan net onthou voor het op gestaan COSAS.

MNR. FICK VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MR BIZOS : My Lord, accused no. 14 is having the same problem as he was having yesterday, and he is temporarily absent.

COURT : Thank you, we will continue in his absence.

MNR. FICK : Die Staat vra dat die getuie afstaan tot môre-oggend. Die Staat is in staat om met 'n volgende getuie aan te gaan.

- - - - - - - - - -

/ MNR. FICK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. FICK : Die Staat roep Cornelius van der Walt Schlebusch. Hierdie getuie sal getuig oor paragraaf 77(15) maar dan ook oor bladsy 79 paragraaf 18 van die besonderhede.

CORNELIUS VAN DER WALT SCHLEBUSCH, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Schlebusch, u is in diens van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad te Sebokeng? -- Dit is korrek, ja.

Op 2 September 1984 om ongeveer ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As wat werk u daar? -- Ek is 'n inspekteur in diens van die Raad.

Wat se soort inspekteur? Wat inspekteer u? -- Ek gaan die bewysboeke na van Swartes en loonregisters en daardie tipe van goed.

MNR. FICK : Op 2 September 1984 om ongeveer 22h00 was u aan diens by die Administratiewe kantore in Bophelong? -- Dit is korrek.

U taak die aand was om die Raad se eiendom te beskerm? -- Dit is korrek.

Was u alleen daar op diens of was u saam met iemand anders? -- Ek het 'n mede-kollega saam met my in die voertuig gehad.

Wat se voertuig het u gehad? -- Ek het 'n 1800 Datsun bakkie gery. Dit is 'n vangwa.

U was so ongeveer 500 meter vanaf die kantore, het u in die voertuig observasie gehou? -- Dit is korrek.

Die gebou self, is die gebou belig? -- Die gebou self het vier spreiligte opgehad een aan elke kant van die gebou.

Wat het u gemerk terwyl u daar observasie gehou het? -- Dat daar 'n betreklike groot aantal Swartmense om die gebou is en dat daar rook uit die gebou se vensters uitborrel.

Hoe groot was hierdie betreklike groot getal? -- Ek het geskat so plus-minus driehonderd van hulle.

/Nou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Nou moet ons net duidelikheid kry. Het hulle daar aangekom en om die gebou gekom terwyl u daar gestaan het of toe u daar aangekom het, was hulle daar of wat is die posisie? -- Ons het die aand aan diens gegaan om observasie te hou oor die raadspersele dat hulle nie die goed brand nie en terwyl ons observasie gehou het, het die mense om die gebou beweeg.

En u het toe die rook gesien uit die gebou kom? -- Dit is korrek.

Wat maak u toe? -- Ek het van my observasiepunt vertrek en nader na die gebou toe sodat ek kon sien wat daar aangaan.

En toe? -- Toe ek daar by die toneel kom, vind ek dat daar 'n groot gat in die draad geknip is. Ek het toe stilgehou daarso.

Die gebou, het hy 'n heining om? -- Dit is korrek.

HOF : Was dit 'n veiligheidsheining? -- Dit is 'n 8 voet hoë draadheining.

MNR. FICK : U hou toe daar stil en u sien die gat. Wat gebeur toe? -- Die mense wat toe om die gebou was en in die perseel was, het my opgemerk toe ek daar stilhou en toe omsingel hulle my voertuig. Ek het probeer om te ry, maar die voertuig wou nie ry nie, want die mense was te veel om hom gewees en hulle het die voertuig begin skud. Hulle het ons toe met klippe en bottels gegooi.

Is u getref? -- My voertuig is verskeie kere getref deur klippe en van die bottels. Een van die bottels het op my kant op die veiligheidsif gebreek en binne-in die voertuig was onmiddellik 'n baie skerp reuk van petrol.

Het u gesien waar kom die reuk vandaan? -- Die reuk was onmiddellik binne-in die voertuig gewees. So, ek het aangeneem dit kom van die bottel af wat teen die ruit gebreek

/het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het.

En u klerasie, hoe was dit? -- Die mense was bont aangetrek gewees.

Nee, u klerasie? -- My klerasie was deurweek van die petrol gewees. Ek het 'n uniform aangehad.

Wat gebeur toe? -- Ek het toe paniekbevange geraak. Ek het my pistool uitgehaal. Ek het ses skote geskiet daarso en die mense het toe oopgemaak en toe hulle oopmaak, toe jaag ek, sodat ek net kan wegkom. Ek het toe heel uit die gebied weg van die kantoor af beweeg na ons drankwinkel toe wat so plus-minus 500 meter van die kantoor af is.

Tydens hierdie voorval waar u nou aangeval is by die Raad se kantore, het u enige geskreeu gehoor of enige gesingery gehoor? -- Daar was so 'n huilerigheid gewees wat die Swart-vrouens gewoonlik maak as hulle opgewonde raak of as daar iets gebeur en hulle het ander goed geskreeu, maar ek verstaan nie die taal van hulle nie.

U het toe nou weggery na die drankwinkel toe. Wat het toe gebeur? -- Ek het die voorval toe gerapporteer aan - op hierdie stadium was hy nog kolonel Viljoen gewees en adju-dant Coetzee.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Hoe laat was dit? -- Dit was hierso ongeveer 23h00 in die aand.

HOF : Toe u dit rapporteer? -- Ja.

MNR. FICK : Is u later dieselfde nag weer terug na die gebou toe? -- Dit is korrek. Ons het later die aand weer escort gery na die gebou toe om ons brandweer soontoe te vat om die perseel se vlamme te blus.

Wat het u daar gevind toe u daar kom? -- Nadat ons die vuur geblus het, het ons inspeksie gedoen om te kyk wat die brand veroorsaak het. Ons het teen die een deur 'n motor-

/buitebrand

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

buiteband gekry wat drie-kwart uitgebrand was.

Terwyl u nou na hierdie toneel toe gery het, hoedanig was die paaie gewees? Was dit stil en rustig, kon u gemaklik ry? -- Die paaie was toegepak gewees met klippe en met dromme en hulle het met doringdraad toegespan party plekke.

As u sê die pad was toegespan met doringdraad, beduie net hoe het hulle dit gedoen? -- Hulle het van die bome na die een kant van die pad die doringdraad gespan tot by die bome of paal aan die ander kant van die pad.

HOF: Net om duidelikheid te kry. Toe u om 22h00 aan diens gegaan het by die Administrasieraadskantore, was daar toe al padversperrings? -- Ja, daar was toe al 'n paar padversperrings gewees, maar dit was nie so erg gewees as toe ons weer teruggegaan het om die brandweer soontoe te vat nie.

Toe u nou teruggaan met die brandweer, hoe laat was dit? -- Dit was so ongeveer 24h00.

MNR. FICK : Nadat u nou hierdie inspeksie gedoen het by die gebou en saam met die brandweer daar was, waarheen is u toe? -- Ek het toe voortgegaan met patrollies binne-in - ek het drie gebiede beman op daardie stadium, dit was Bophelong, Boipatong en Sharpeville.

In hierdie ander twee woongebiede wat u toe ook beman het, het u enigiets daar opgemerk, hoedanig was die paaie daar gewees? -- Daar was padversperrings in die paaie gewees, maar ek kan nie presies sê hoeveel paaie was toegepak nie, want ek het maar net ons drankpersele gepatrolleer. Die paaie wat ek soontoe gebruik het, was redelik toegepak gewees.

HOF: In watter gebied was dit? -- Dit was in Boipatong en Sharpeville.

Hoe laat? -- Dit was in die nanag gewees. Ek kan nie die presiese tyd onthou nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. FICK : Kom ek vra vir u so, tot hoe laat het hierdie patrollies van u aangehou in Boipatong en Sharpeville en Bophelong? -- Ek het aangehou met my patrollies en met 'n paar ure se breek tussenin tot die 5de toe.

Het u die heelnag van die 2de gepatrolleer? -- Dit is korrek.

HOF : As u praat van die nanag, beteken dit dat ongeveer 01h00 die nag sou daar al padversperrings gewees het? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Behalwe hierdie padversperrings wat u aangetref het, was daar enigiets anders wat ook nog voorgeval het in hierdie nag van die 2de? -- Daar was sporadiese klipgooiery gewees deur die nag, maar ons het ons nie veel gesteur daaraan nie, want ons het maar net opdrag gehad om ons raadspersele op te pas.

Hierdie sporadiese klipgooiery, was dit in al drie die woonbuurtes of net in een of waar was dit? -- In Bophelong het ons baie klipgooiery gehad deur die nag en in Sharpeville het ons ook redelik baie gehad deur die nag, maar Boipatong was so effens kalm gewees.

Die dag van 3 September 1984 het u ook patrollie gery in hierdie woongebiede?-- Dit is korrek.

Laat ons net die kwessie opklaar van die paar ure slaap wat u tussenin gehad het. Die nag van die 2de en die oggend van die 3de toe dit lig geword het, het u op enige stadium daardie tyd gaan slaap of het u bly patrolleer? -- Nee, ons het gebly patrolleer tot so ongeveer 20h00 die aand van die 3de.

Die 3de, die oggend, is u voertuig aangeval op enige stadium die oggend van die 3de? Laat ons dit nou eers vasstel? -- My voertuig is die oggend van die 3de - het hy 'n paar klipmerke op gekry en in Bophelong het hy redelik baie

.../ skade

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

skade opgedoen.

Hierso van wanneer dit lig word in September, kom ons noem nou maar 'n tyd van 05h00, 06h00 se kant, was u op daardie stadium enigsins aangeval of was dit later? -- Dit was deur die loop van die dag gewees. Ek kan nie die presiese tye onthou nie.

U het opdrag ontvang in Februarie 1985 om diens te gaan doen in Seeisoville, Kroonstad? -- Dit is korrek.

Op 13 Februarie 1985 om 04h00 het u observasiediens gedoen by 'n winkelsentrum met die naam van Mpomolong? -- Dit is korrek.

En u het ook later die polisie gehelp om busroetes te patrolleer? -- Dit is korrek.

Op 'n stadium daardie dag het u by die busterminus op een van die busse geklim? -- Dit is korrek.

Hoe laat was dit toe u op die bus geklim het die dag? -- Dit was deur die loop van die dag gewees wat hulle ons kom vra het om saam met die busse te ry. Ek kan nie die presiese tyd sê nie.

<u>HOF</u> : Voormiddag? Namiddag? -- Dit was voor 12h00.

In die middel van die oggend?-- Ek sal sê so plus-minus 11h00 se koers.

<u>MNR. FICK</u> : U en 'n ander beampte het toe nou op die bus geklim en saam met die bus gery? -- Dit is korrek.

Wat het gebeur? -- Ons het van die busterminus af vertrek, die bus was redelik vol Swartes gewees en ons het so omtrent 3 kilometer gery van die terminus af na die eerste stop toe. Terwyl ons aangery gekom het na die stop toe, het 'n groep van plus-minus honderd Swartes op die regterkant van die pad afbeweeg na die busstop se kant toe. Toe die Swartes gelyk oor die bus kom, daar was niemand wat wou afklim van die bus

.../af

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

af nie, ons wou net verder gegaan het, maar daar was 'n Kombi wat dwars in die pad gelê het wat uitgebrand het. Toe die Swartes gelyk oor die bus kom, het hulle hom met stokke en ysters en klippe begin slaan.

En die bus, wat het van die bus geword? -- Ek het die busbestuurder beveel om stil te hou, waarop hy stilgehou het. Ek het uit die bus geklim op die linkerkant en na die linkeragterkant van die bus beweeg. Ek het een skoot met my haelgeweer oor die kop van die skare geskiet.

Toe u uitgeklim het, was die klipgooiery nog steeds aan die gang? -- Hulle het nog steeds klippe gegooi.

Gaan voort. -- Die aanvallers het hewiger begin klippe gooi nadat ek die skoot gevuur het. Ek het die een skoot direk op die skare gevuur. Die skare het toe uiteen gespat.

Kan u enigiets vir die Hof aandui ten aansien van hierdie mense se kleredrag? -- Daar onder tussen die mense wat betrokke was by die aanvallery het ek 'n man met 'n wit T-hempie opgemerk met die woorde COSAS op sy bors geskryf.

Was hy deel van die klomp?-- Hy was tussen die mense gewees wat klippe gegooi het.

Het u net een so 'n persoon gesien?-- Daar was verskeie ander kleur T-hempies ook gewees en nog 'n paar wittes, maar ek kon nie almal tel wat die kleredrag gedra het nie.

Toe die klomp weghardloop, het daar iemand bly lê? -- Daar het een Swartman op die grond gebly lê.

Was hy gewond? -- Ek het aangeneem dat die man gewond was aangesien hy op die grond bly lê het.

Die polisie het hom toe kom verwyder? -- Dit is korrek.

Daarna was die Kombi uit die pad uit verwyder en die bus kon voortgaan? -- Dit is korrek.

Net volledigheidshalwe, die res van die dag was daar weer

..../klipgooiery

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

klipgooiery? -- Daar was 'n paar voorvalle gewees van klip-gooiery.

Was dit terwyl u nog saam met die bus gery het of toe u op u eie gepatrolleer het? -- Nadat ons met die bus klaar was, het ons die bus teruggevat na die terminus toe en ek het toe aangegaan met my patrolliewa om verdere diens te verrig.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 24 APRIL 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.